# HOOFSTUK 4

## DIE INHOUD VAN DIE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES IN DIE R.S.A. EN ENKELE OORSESE LANDE

### TER INLEIDING

Daar is by die aanvang van hierdie studie die stelling gemaak dat enige tendens in die onderwys van swaksiendes in 'n groot mate parallel aan die gefundeerde beleid van die gewone onderwys beweeg. In die onderhawige hoofstuk sal daar in besonder op die inhoudelike van die onderwys vir swaksiendes gelet word en ook aangetoon word watter verband die inhoud van die onderwys vir swaksiendes met die gewone onderwys hou. Daar sal egter aangedui word in welke mate daar reeds hier te lande en oorsee sekere aanpassings gemaak word wat gegrond is op die besondere eise wat die swaksiende kind aan die opvoeding en onderwys stel. Leemtes wat in die verband mag bestaan sal krities toegelig word.

Aangeleenthede met betrekking tot die inhoudelike van die onderwys vir swaksiendes in die R.S.A. en enkele oorsese lande waarop in hierdie hoofstuk gelet sal word, sluit onder meer die volgende in: Kurrikula en studiekursusse, verpligte- en keusevakke, eksamen- en nie-eksamenvakke, groepering van leerlinge, aanbieding van die leerstof en hulpmiddels, evaluering, bevordering en sertifikaatuitreiking. Ten slotte sal aan die einde van die hoofstuk ook 'n kritiese samevatting gegee word.

### 4.1 STUDIEKURSUSSE EN KURRIKULA, VERPLIGTE- EN KEUSEVAKKE EKSAMEN- EN NIE-EKSAMENVAKKE IN DIE R.S.A.

In die geval van die Prinshofskool in Pretoria word die kurrikula en sillabusse van die Transvaalse Onderwys=departement vir die primêre-afdeling van die skool gevolg en in die geval van die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes te Worcester word die kurrikula en silla=busse van die Kaapse Onderwysdepartement in die primêre=skoolfase toegepas.

In die sekondêre afdeling van albei die skole word die kursusse, kurrikula, sillabusse en die voorskrifte met betrekking tot eksamens deur die Departement van Nasionale Opvoeding geformuleer volgens die magte aan die Departement verleen ooreenkomstig Artikel 43 van die Wet op Onderwys=dienste, Wet no. 41 van 1967 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.

Die studiekursusse en kurrikula wat deur die Departe=ment van Nasionale Opvoeding vir swaksiendes voorgeskryf word, is dieselfde "Nasionale kursusse, leerplanne en eksa=mens"[1] wat vir skole opgestel was wat voor 1967 onder die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geres=sorteer het, soos onder meer huishoudskole, handelskole, kunsskole en tegniese skole.

Hierdie studiekursusse sluit die volgende in:

Die Nasionale Standerd VI-sertifikaatkursus,
Die Nasionale Standerd VII-sertifikaatkursus,
Die Nasionale Standerd VIII-sertifikaatkursus,[2]
Die Nasionale Intermediêre Sertifikaatkursus (ook genoem Nasionale Handelsertifikaatkursus).[3]
Die Nasionale Senior Sertifikaatkursus, ook genoem die Handels- en Algemene Groep (nie-matrikulasievrystelling) en die
Nasionale Senior Sertifikaatkursus (Matrikulasievrystelling).[4]

4.1.1 <u>Die Nasionale Standerd VI-sertifikaat</u>[5]

Vir hierdie kursus word daar van die swaksiende kandi=daat verwag dat hy aan die einde van die kursus 'n eksamen in ten minste sewe vakke sal aflê. Die Standerd VI-sertifikaat

---

1. R.S.A., Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nasionale Kursusse, Leerplanne en Eksamens.
2. R.S.A., Departement van Hoër Onderwys. Nasionale Kursusse, Sillabusse en Eksamens (Handels- en Algemene Vakke, St. VI, VII, VIII), pp.10-11.
3. R.S.A., Departement van Hoër Onderwys. Handboek van Nasionale Kursusse, Leerplanne en Eksamens - Handels- en Algemene Vakke, 1964, pp.24-26.
4. Loc.cit.
5. Departement van Hoër Onderwys. Handboek, Nasionale Kursusse, Sillabusse en Eksamens (Handels- en Algemene Vakke, St. VI, VII en VIII), p.10.

word aan die leerlinge uitgereik as hulle in minstens vier vakke as volg slaag: Die kandidaat moet in drie vakke, wat die amptelike A-taal insluit, ten minste veertig persent behaal. In die vierde vak, wat die amptelike B-taal mag wees (byvoorbeeld Engels in die geval van 'n Afrikaans=sprekende), is die slaagpunt $33^{1}/_{3}$ persent.

Samevattend kom dit daarop neer dat die twee amptelike tale ingesluit moet wees in die vier vakke waarin die kandi=daat moet slaag. Die vakke moet aan die vereistes van die volgende groepering voldoen:

| | |
|---|---|
| Groep I | Afrikaans A of Engels A, |
| Groep II | Afrikaans A of B of Engels A of B mits dit nie die taal is wat onder groep I gekies word nie. |
| Groep III | Twee van die volgende vakke: Aardrykskunde, Geskiedenis, Wiskunde (mag nie saam met Reken=kunde geneem word nie), Natuur- en Skeikunde (mag nie saam met Algemene Wetenskap geneem word nie), Rekenkunde (mag nie saam met Wiskunde geneem word nie), Algemene Wetenskap (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie), Fisiologie en Gesondheidsopvoeding. Geskiedenis is verplig=tend vir alle leerlinge aan ondersteunde spesiale skole. |

Die sertifikaat word met vier vakke of met vyf, ses of sewe geëndoseer, indien die kandidaat nie minder as $33^{1}/_{3}$ persent onderskeidelik in een of twee of drie van die ander vakke behaal het nie. In standerd VI word geen groot totaal vereis nie.

Die nie-eksamenvakke wat deur leerlinge in standerd VI geneem word is:

1. Godsdiensonderrig,
2. Sang en Musiekwaardering of Drama of Spraakopleiding en
3. Liggaamlike Opvoeding.

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria neem die swaksiende leerlinge die volgende vakke:

Afrikaans A of B; Engels A of B; Geskiedenis, Duits, Fisiologie, Wiskunde, Algemene Wetenskap. Tikskrif is 'n verpligte vak vir alle leerlinge vanaf standerd IV. Dit word as 'n geslaagde vak bo $33^1/_3$ persent erken en as sodanig aangedui, maar onder 40 persent tel dit nie as 'n vakkrediet nie.

Alle leerlinge wat nie Duits neem nie, moet eksamen doen in Tikskrif.

Aan die Afdeling vir Swaksiendes te Worcester is die status quo met betrekking tot die verpligte eksamenvakke as volg:

Afrikaans A of B, Engels A of B, Geskiedenis, Tikskrif, Fisiologie, Aardrykskunde of Skeinat en Wiskunde of Reken= kunde.

4.1.2 <u>Die Nasionale Standerd VII-sertifikaat</u>[6]

Volgens amptelike voorskrifte word die bogenoemde sertifikaat aan leerlinge uitgereik wat aan die einde van die kursus in ten minste sewe vakke eksamen afgelê het. Die kandidaat moet in vier vakke, wat die amptelike A-taal in= sluit, ten minste veertig persent behaal en in 'n vyfde vak, wat die amptelike B-taal mag wees, moet hy minstens $33^1/_3$ persent behaal. As die kandidaat in Engels minder as $33^1/_3$ persent behaal, mag hy nie in 'n ander vak minder as veertig persent behaal nie.

Tikskrif word as 'n geslaagde vak erken as die kandidaat bo $33^1/_3$ persent daarin behaal en word as 'n gelsaagde vak aangedui, maar onder veertig persent word dit nie as 'n vak= krediet beskou nie.

Albei amptelike tale moet in die vyf vakke hierbo genoem, ingesluit wees en die oorblywende vakke moet aan die vereiste groepering voldoen. Die sertifikaat sal met vyf, ses of sewe vakke geëndoseer word indien die kandidaat nie minder nie as $33^1/_3$ persent in elk van die ander vakke behaal het nie.

---

6. Loc.cit.

Groepering van eksamenvakke

Groep I Afrikaans A of Engels A.

Groep II Afrikaans A of B of Engels A of B, mits dit nie die taal is wat onder Groep I gekies is nie.

Groep III Drie van die volgende vakke:

Aardrykskunde,
Rekeningkunde,
Burgerleer,
Duits,
Frans,
Fisiologie en Gesondheidsopvoeding,
Geskiedenis ('n Verpligte vak vir alle voltydse leerlinge aan onderstaande spesiale skole),
Handel,
Wiskunde (mag nie saam met Rekenkunde geneem word nie),
Natuur- en Skeikunde (mag nie saam met Algemene Wetenskap geneem word nie),
Portugees,
Rekenkunde (mag nie saam met Wiskunde geneem word nie),
Algemene Wetenskap (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie).

Nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig,
Sang en Musiekwaardering of Drama en Spraakopleiding,
Liggaamlike Opvoeding.

Aan die Prinshofskool word Handel vir die eerste keer as 'n keusevak vanaf standerd sewe aangebied, sodat die kurrikulum as volg daaruit sien:

Eksamenvakke

Afrikaans - Hoër of Laer graad,
Engels - Hoër of Laer graad,
Geskiedenis,
Duits of Handel,
Fisiologie,

Wiskunde,
Algemene Wetenskap.

Nie-eksamenvakke

Hout- en Metaalwerk,
Naaldwerk,
Huishoudkunde,
Liggaamlike Opvoeding,
Godsdiensonderrig.

Aan die Worcesterse Skool vir Blindes waar die swak=siende leerlinge vanaf standerd VII nie van die blindes ge=skei is nie maar gesamentlik onderwys ontvang, is die kurrikulum vir standerds VII en VIII as volg:

Afrikaans A of B,
Engels A of B,
Geskiedenis,
Tikskrif,
Fisiologie of Wiskunde,
Aardrykskunde of Duits,
Handel of Skeinat.

Verpligte nie-eksamenvakke is Skoolmusiek en Sang, Liggaam=like Opvoeding en Godsdiensonderrig.

4.1.3 Die Nasionale Junior Sertifikaat-kursus (St. VIII)[7]

Die Nasionale Junior Sertifikaat word aan 'n kandidaat toegeken wat in minstens ses vakke eksamen afgelê het.

a. In elk van die vier vakke, insluitende 'n amptelike A-taal, moet die kandidaat minstens veertig persent behaal en in die vyfde vak minstens $33^1/_3$ persent met 'n groottotaal van minstens 240 punte.
b. Beide amptelike tale moet in die vyf of ses vakke ingesluit wees en die oorblywende vakke (benewens die twee amptelike tale) moet volgens die voorgeskrewe groepering gekies word.
c. Die sertifikaat sal met vyf of ses vakke geëndoseer word

---

7. Ibid., p.11.

mits die kandidaat nie minder as $33^1/_3$ persent in die sesde vak behaal nie.

d. Vanaf standerd agt kan die punte van gedruipte vakke by=getel word om die groottotaal te verkry, mits die kandi=daat nie minder as 25 persent in so 'n vak behaal nie. Hierdie vakke word egter nie op die sertifikaat aangedui nie.

e. Tik word as geslaagde vak erken indien meer as $33^1/_3$ persent behaal word en dit word as geslaagde vak aangedui. As minder as 40 persent behaal word, word Tik egter nie as 'n vakkrediet gereken nie.

<u>Groepering van eksamenvakke</u>

Groep I Afrikaans A of Engels A.

Groep II Afrikaans A of B of Engels A of B mits dit nie die taal is wat onder Groep I gekies is nie.

Groep III Vier van die volgende vakke:

a. Duits, Latyn, Portugees;

b. Biologie (mag nie saam met Algemene Wetenskap geneem word nie),
Algemene Wetenskap (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde of Biologie geneem word nie),
Fisiologie en Gesondheidsopvoeding,
Landbouwetenskap,
Natuur- en Skeikunde (mag nie saam met Algemene Wetenskap geneem word nie);

c. Aardrykskunde, Snelskrif (50 of 60 woorde per minuut), Shorthand (50 of 60 woorde per minuut), Rekeningkunde, Burgerleer, Geskiedenis (ver=pligtend vir leerlinge aan ondersteunde spesiale skole), Handel, Handelsrekene (mag nie saam met Wiskunde geneem word nie), Wiskunde (mag nie saam met Handelsrekene geneem word nie), Tik, Gemene Reg, Strafprosesreg, Wettereg.

<u>Nie-eksamenvakke</u>

Godsdiensonderrig,
Sang en Musiekwaardering of Drama en Spraakopleiding,
Liggaamlike Opvoeding.

'n Leerling mag hoogstens vier tale neem en hoogstens twee vakke uit groep III.b neem.

Aan die Prinshofskool word presies dieselfde vakke in die Standerd VIII-kursus aangebied as in die standerd VII-kursus onder paragraaf 4.1.2 uiteengesit.

4.1.4 Die Nasionale Intermediêre Sertifikaat - standerd 9 (ook genoem Nasionale Handelsertifikaat) 8

Die Nasionale Intermediêre Sertifikaat word aan kandi= date toegeken wat minstens in ses vakke eksamen afgelê het.

a. In vier vakke, wat 'n amptelike A-taal moet insluit, moet die kandidaat minstens 40 persent behaal.
b. In die vyfde vak, wat die amptelike B-taal kan wees, moet die kandidaat minstens $33^1/_3$ persent behaal.
c. 'n Groottotaal van minstens 240 punte moet behaal word.
d. Tik word as 'n geslaagde vak erken indien meer as $33^1/_3$ persent behaal word en dit word as geslaagde vak aangedui. Onder 40 persent word Tik egter nie as 'n vakrediet ge= reken nie.
e. Die vakke moet voldoen aan die vereistes wat die voorge= skrewe groepering betref.
f. Die sertifikaat sal met vyf of ses vakke geëndosseer word mits die kandidaat nie minder as $33^1/_3$ persent in die sesde vak behaal nie.
g. Persentasies onder die vereiste minimum kan bygetel word vir die groottotaal van 240 punte maar die vakke vir so= danige gevalle word nie erken as geslaagde vakke nie.

Groepering van eksamenvakke

| | |
|---|---|
| Groep I | Afrikaans A of Engels A. |
| Groep II | Tweede Taal Afrikaans A of B of Engels A of B mits dit nie die taal is wat onder Groep I gekies is nie. |
| Groep III | a. Duits, Frans, Latyn, Portugees. |
| | b. Biologie (mag nie saam met Plantkunde geneem |

8. Departement van Hoër Onderwys. Handboek van Nasionale Kursusse, Leerplanne en Eksamens - Handels- en Algemene Vakke, soos gewysig 1965, p.22.

word nie), Chemie (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie), Fisiologie en Higiëne, Landbouwetenskap, Natuur- en Skei=kunde (mag nie saam met Chemie of Fisika geneem word nie), Plantkunde (mag nie saam met Biolo=gie geneem word nie).

c. Aardrykskunde, Snelskrif (50 of 60 woorde per minuut), Shorthand (50 of 60 woorde per minuut), Boekhou, Burgerleer, Geskiedenis, Handel, Handelsrekene (mag nie saam met Wiskunde geneem word nie), Wiskunde (mag nie saam met Handels=rekene geneem word nie), Tik, Gemene Reg, Strafprosesreg en Wettereg.

Nie-eksamenvakke as verpligtend

Godsdiensonderrig, Sang en Musiekwaardering of Drama en Spraakopleiding.

Die status quo met betrekking tot die kurrikulum van die Nasionale Intermediêre Sertifikaat aan die Prinshofskool en die Skool vir Blindes te Worcester is as volg:

| | |
|---|---|
| Prinshof | Afrikaans A of B,<br>Engels A of B,<br>Geskiedenis of Wiskunde,<br>Duits of Handel,<br>Fisiologie,<br>Natuur- en Skeikunde,<br>Tikskrif. |
| Worcester | Afrikaans A of B,<br>Engels A of B,<br>Geskiedenis of Wiskunde,<br>Duits of Tikskrif,<br>Handelsreg of Skeinat,<br>Fisiologie. |

Verpligte nie-eksamenvakke aan die Prinshofskool en Worcester is Godsdiensonderrig, Sang en Musiekwaardering, Liggaamlike Opvoeding en Voorligting.

## 4.1.5 Die Nasionale Senior Sertifikaat (Standerd X)

### 4.1.5.1 Handels- en Algemene Groep (Nie-Matrikulasievry= stelling)

Die Nasionale Senior Sertifikaat (Handels- en Algemene Groep) word aan 'n kandidaat toegeken wat in minstens ses vakke geslaag het, wat soos volg gekies is:[9]

Groep I Afrikaans A of Engels A.

Groep II Afrikaans A of B of Engels A of B, mits dit nie die taal is wat onder Groep I gekies is nie.

Groep III Vier van die volgende vakke:

a. Duits, Frans, Latyn, Portugees, Noord-Sotho - Laer (mag nie saam met Suid-Sotho of Tswana geneem word nie), Suid-Sotho - Laer (mag nie saam met Noord-Sotho of Tswana geneem word nie), Shona - Laer, Tsonga - Laer, Tswana - Laer (mag nie saam met Noord-Sotho of Suid-Sotho geneem word nie), Venda - Laer, Xhosa - Laer (mag nie saam met Zulu geneem word nie), Zulu - Laer (mag nie saam met Xhosa geneem word nie).

b. Biologie (mag nie saam met Plantkunde geneem word nie), Chemie (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie), Fisika (mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie), Geologie, Natuur- en Skeikunde (mag nie saam met Chemie of Fisika geneem word nie), Plant= kunde (mag nie saam met Biologie geneem word nie).

c. Snelskrif (90 of 100 woorde per minuut), Short= hand (90 of 100 woorde per minuut), Boekhou, Ekonomie, Handelsreg, Tik.

d. Aardrykskunde, Inleiding tot Kriminologie en Volkekunde, Gemene Reg, Geskiedenis, Handels= rekene (mag nie saam met Wiskunde geneem word nie), Wiskunde (mag nie saam met Handelsrekene

---

9. Departement van Nasionale Opvoeding, Handboek, Nasionale Kursusse, Leerplanne en Eksamens (Handels-, Kuns- en Algemene Vakke), pp.24-26.

geneem word nie), Strafproses, Wettereg, Fisiologie en Higiëne en Landbouwetenskap.

4.1.5.2 <u>Die Nasionale Senior Sertifikaat - Standerd X - Matrikulasievrystelling</u>

Matrikulasievrystelling in die skole vir swaksiendes geskied op dieselfde wyse as vir die gewone skool en daar word geen konsessies betreffende alternatiewe vakkeuses vir die swaksiende gemaak nie.

Basiese voorskrifte in die verband wat nog tot die einde van 1973 van toepassing is, is dat die kandidaat in 'n minimum van ses voorgeskrewe vakke by een eksamen moet slaag en 'n groottotaal van 270 punte behaal. Die ses vakke moet uit 'n voorgeskrewe vakkombinasie bestaan waarvan die belangrikste voorskrif is dat dit die twee amptelike tale moet insluit, een op die hoër- en een op die laer vlak, 'n derde taal (in die reël Duits) <u>of</u> Wiskunde <u>of</u> 'n Wetenskap (Natuurwetenskap of Biologie).

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes, Worcester neem die leerlinge in standerd 10 dieselfde vakke soos vir die Intermediêre Sertifikaat uiteengesit.

Vanaf 1973 het leerlinge aan die Prinshofskool vir Swaksiendes die keuse om twee vakke uit die groep Fisiologie, Natuur- en Skeikunde, Tik en Tegnies aan te bied. Kandidate wat dit in vooruitsig stel om Matrikulasievrystelling te ver=werf, sluit Duits of Wiskunde of Natuurwetenskap by hulle vakkombinasie in.

Op 'n stadium toe Wiskunde en Duits nog nie aan die Prinshofskool aangebied is nie, het die leerlinge Natuur- en Skeikunde in die plek daarvan aangebied met die oog op Matrikulasievrystelling.

Fisiologie word as 'n vak aangebied omdat fisioterapie een van die waarskynlike beroepe is wat deur die swaksiende beoefen kan word. Opleiding in Fisioterapie het tot op datum nog in Engeland geskied omdat hier plaaslik nie oplei=dingsfasiliteite vir swaksiendes in hierdie beroep bestaan nie.

Benewens die vakke wat op 'n amptelike vlak aan die skole aangebied word soos in die voorafgaande paragrawe aangedui, word Hout- en Metaalwerk, Huishoudkunde en Kuns as nie-eksamenvakke aangebied.

Hierdie vakke is nie verpligtend nie maar daar word steeds gepoog om alle leerlinge vir 'n jaar of twee na die praktiese vakke te kanaliseer omdat dit die oortuiging van die skool is dat dit noodsaaklik is vir die swaksiende seun en meisie gedurende die standerd ses-, sewe- en agt-jare om hierdie praktiese vakke te neem. In standerds nege en tien is die werksprogram so wyd en die tempo waarteen die swak=siendes werk relatief so stadig dat hulle nie hierdie addisio=nele praktiese vakke kan volg nie.

Die ure van onderrig is as volg in standerd 9 en 10: 24 uur per week (4 uur per vak) word aan die ses verpligte eksamenvakke soos hierbo uiteengesit gewy en die oorblywende 3½ uur word as volg verdeel:

| | |
|---|---|
| Jeugweerbaarheid | 1 uur per week |
| Liggaamlike opvoeding | 1 uur per week |
| Godsdiensonderrig | 1 uur per week |
| Beroepsvoorligting | ½ uur per week |

4.1.6 <u>Kurrikulum in die primêre skoolfase vir swaksiendes</u>

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes word sover as moontlik gehou aan die voorgeskrewe vakke van die gewone skool soos vasgestel deur die Transvaalse Onderwysdepartement.

Aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Worcesterse Skool vir Blindes word die kurrikulum van die Kaapse onder=wysdepartement soos vir die gewone primêre skool voorgeskryf, nagevolg.

Die eksamenvakke wat aan die Prinshofskool aangebied word is die volgende:

Afrikaans A of B,
Engels A of B,
Geskiedenis,
Aardrykskunde,

Natuurstudie,
Gesondheidsleer,
Rekenkunde.

Op die laer primêre vlak word sekere vakke gekombineer soos byvoorbeeld Geskiedenis, Aardrykskunde en Gesondheidsleer. Vanaf standerd I en 2 word die vakinhoude weer uitgebrei na Geskiedenis, Aardrykskunde, Gesondheidsleer en Natuurstudie. Die volgende nie-eksamenvakke word aangebied:

Kunsvlyt,
Liggaamlike Opvoeding,
Musiek en Klassang,
Tikskrif vanaf standerd 4,
Skrifonderrig.

Die onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die tye van onderrig in die verskillende vakke in die primêre afdeling aan die Prinshofskool[10] vir een week:

TYE VAN ONDERRIG IN DIE VERSKILLENDE VAKKE VAN DIE PRIMêRE SKOOL - PRINSHOF. AANGEDUI IN URE EN MINUTE

| VAKKE | Gr.I | Gr.II | St.1 | St.2 | St.3 | St.4 | St.5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Moedertaal | 6.20 | 6.00 | 5.40 | 5.40 | 5.45 | 5.45 | 5.45 |
| 2 Tweede Taal | 3.00 | 3.00 | 4.00 | 4.00 | 4.15 | 4.15 | 4.30 |
| 3 Geskiedenis | - | - | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 |
| 4 Aardrykskunde | - | - | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 |
| 5 Liggaamlike Opv. | 1.15 | 1.15 | 1.10 | 1.10 | 1.10 | 1.10 | 1.10 |
| 6 Omgewingsleer | 1.00 | 1.00 | - | - | - | - | - |
| 7 Rekenkunde | 3.45 | 3.45 | 3.45 | 3.45 | 3.45 | 3.45 | 3.45 |
| 8 Godsdiensonderrig | 2.00 | 2.00 | 2.00 | 2.00 | 2.00 | 2.00 | 2.00 |
| 9 Kunsvlyt/Handwerk | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.30 | 1.30 | 1.30 | 1.30 |
| 10 Sang | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 | 1.00 |
| 11 Gesondheidsopvoeding | .30 | .30 | .30 | .30 | .30 | .30 | .30 |
| 12 Natuurstudie | - | - | .45 | .45 | .45 | .45 | .45 |
| 13 Skrifonderrig | 1.40 | 1.40 | 1.30 | 1.10 | 1.10 | .45 | .20 |
| 14 Kuns | - | - | .30 | .30 | .30 | .30 | .30 |
| TOTAAL | 21.30 | 21.10 | 23.50 | 24.00 | 24.20 | 23.55 | 23.45 |

Die volgende addisionele tyd word gebruik vir lestye waar dit nodig geag mag wees:

---

10. Prinshofskool. Dokumente vir voorlegging tydens paneelinspeksie. 24 Augustus tot 28 Augustus 1970.

| | |
|---|---|
| Gr. I | - 1 uur |
| Gr. II | - 1 uur 20 min. |
| St. 1 | - 1 uur 50 min. |
| St. 2 | - 1 uur 40 min. |
| St. 3 | - 1 uur 20 min. |
| St. 4 | - 1 uur 45 min. |
| St. 5 | - 1 uur 55 min. |

Aan die primêre afdeling vir Swaksiendes aan die Worcesterse Skool vir Blindes is die verpligte eksamenvakke as volg:

Afrikaans A of B,
Engels A of B,
Wiskunde,
Algemene Wetenskap,
Geskiedenis,
Aardrykskunde,
Gesondheidsleer.

Verpligte nie-eksamenvakke:

Tikskrif (vanaf standerd 4),
Sang,
Godsdiensonderrig,
Liggaamlike Opvoeding,
Houtwerk vir Seuns,
Brei- en Naaldwerk vir meisies.

## 4.2 STUDIEKURSUSSE EN KURRIKULA IN SKOLE VIR SWAKSIENDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 4.2.1 Die Verenigde State van Amerika

Soos in hoofstuk 3 geblyk het uit die oorsig met betrekking tot die organisasie van die onderwys vir swaksiendes in die V.S.A., is die algemeen aanvaarde standpunt dat die swaksiende kind in die milieu van die normaalsiende kind tuishoort en sover moontlik in die gewone skool onderwys ontvang: ".... for the visually handicapped child of normal intelligence, full participation in a regular secondary

school program should be encouraged."[11]

Daar word van die standpunt uitgegaan dat hierdie kinders hulle lewens uiteindelik in die maatskappy van "siende mense" moet lewe en hoe vroeër hulle dus leer om ten aansien van die maatskappy hulleself te oriënteer en te handhaaf, des te beter.

As gevolg van bogenoemde standpunt word daar met be= trekking tot die kurrikulum, vakke en sillabusse geen aan= passing of uitsondering vir die swaksiende gemaak nie.

Op primêre onderwysvlak ontvang alle leerlinge onder meer onderrig in Skrif, Tikskrif, Rekenkunde en Algemene Wetenskap, Musiek, Handwerk en Kunsvlyt. Waar moontlik neem die swaksiende leerlinge aan die buitemuurse aktiwiteite en verenigingslewe van die gewone skool deel.

Op sekondêre onderwysvlak is dit selde nodig om enige veranderinge aan bestaande kurrikula van die gewone skool, spesifiek vir swaksiendes aan te bring, aldus Cruickshank.[12]

Leerinhoude wat nie deur middel van grootdruk aangebied kan word nie, word deur middel van bandopnames of ouditiewe metodes onderrig. Baie addisionele hulp word deur die "itinerant teachers" aan beide onderwysers en leerlinge ver= leen. In die geval van die onderwysers bied hierdie "itine= rant teachers" veral advies aan met betrekking tot die kurrikula en sillabusse sodat die swaksiende leerlinge die volle voordeel uit die onderwysprogram kan trek.

Die ideaal met hierdie reëling ten aansien van die in= houdelike van die onderwys is om aan die swaksiende soos vir alle Amerikaanse burgers die geleentheid te bied van self= verwesenliking, skoling in harmonieuse menslike verhoudinge, ekonomiese doeltreffendheid en burgerlike verantwoordelikheid, die vermoë om 'n persoonlikheid te ontwikkel wat gebalanseerd= heid, stabiliteit en doeltreffendheid sal verseker om alle

---

11. Cruickshank, W. et. al. Education of exceptional children and youth, p.328.
12. Loc.cit.

lewenssituasies die hoof te bied.[13]

In welke mate die Amerikaanse onderwys daarin slaag om hierdie utopiese ideaal te bereik, val buite die bestek van hierdie studie. Op die leemtes in die bogenoemde stel=sel is reeds in 'n vorige hoofstuk gewys toe die aangeleent=heid van integrasie ter sprake was. Hoe verdienstelik die ideaal ookal mag klink, is daar sekere kernvraagstukke wat deur die Amerikaanse beleid met betrekking tot die inhoude=like van die onderwys vir swaksiendes misgekyk word, waarvan die primêre is dat die swaksiende kind eise aan die onderwys stel wat nie aan die gewone skool voorsien kan word nie. Sy persoonlike skolastiese, oftalmologiese, optometriese, psigologiese en voorligtingsbehoeftes, sy belangstellings en vermoëns moet noodwendig ondergeskik gestel word in die onderwysopset van die gewone skool.

4.2.2 Engeland

Ofskoon swaksiende leerlinge probleme met betrekking tot die interpretasie van visuele beelde ondervind, is die meeste van hulle in staat om met behulp van lense of deur middel van braille onderrig te ontvang. William Lightfoot poneer in Engeland die stelling met betrekking tot die onder=rig van swaksiendes dat hulle dieselfde onderwysbehoeftes as gewone kinders het en dat hulle op dieselfde wyse kennisin=houde van die onderwysprogram moet bemeester: "It cannot be stressed too often that these children are, on the whole, essentially normal and must be treated as such. Their attainments might be somewhat lower than that of an ordinary sighted child but this is only to be expected when one con=siders the enormously important part played by the visual senses in the accumulation of experience. They are therefore children who possess full mental capabilities, but whose ex=perience of life and things has not fully developed due to a defect in one of the organs. This conclusion supplies the

---

13. Bertram, F.M. "The Education of partially sighted children". Education of exceptional children and youth. Eds. Cruickshank W.M. et. al., p.269.

key to the curriculum of the partially sighted school."[14]

Hoe verdienstelik dit ookal mag wees, oorvereenvoudig hierdie beskouing van Lightfoot die problematiek van swaksiendheid as hy die swaksiende klassifiseer as "essentially normal". Swaksiendheid maak so 'n ingryping in die hele persoonstruktuur dat 'n swaksiende kind nie maar slegs 'n "normale mens" is wat 'n breuk van sy gesig verloor het nie.

Die kurrikula van skole vir swaksiendes in Engeland bied geen uniforme patroon aan nie. Mens kry die indruk van 'n ongeorganiseerde geheel. Elke skool werk volgens die siening van die skoolhoof en personeel met betrekking tot die sillabusse, boeke, metodieke en apparaat. Hierdie ongekoördineerde situasie betreffende die inhoud van die onderwys word duidelik as die stelsel van beheer in gedagte gehou word waar elke Local Education Authority outonomie op plaaslike vlak in die onderwys besit.

Uit die ondersoek wat deur die skrywer in Engeland uitgevoer is,[15] het dit geblyk dat veral in die primêre afdeling die kurrikulum van die skool en die sillabusse dikwels deur die skool self opgestel word en nie aan die Departement van Onderwys vir goedkeuring voorgelê word nie.

G. Marshall, hoof van die Exhall Grange School in Coventry, een van die toonaangewende skole vir swaksiendes in Engeland, gee die volgende verduideliking met betrekking tot die kurrikula aan sy skool: "The education we offer to the children is very wide and comprehensive.... We offer a full range of subjects including Physics, Chemistry, Biology, Mathematics, Statistics, several languages, History, Geography, a range of crafts, Art, Commerce etc. etc."[16]

---

14. Lightfoot, W. The partially sighted school, p.28.
15. Kyk Bylae C, vrae 11 tot 16.
16. Comment on the organisation of the education for partially-sighted children at the Exhall Grange School. (Korrespondensie).

Met dië uitsondering van bogenoemde skool, berei die skole vir swaksiendes in Engeland nie leerlinge voor vir die General Certificate of Education, wat toelating tot die ter= siêre studie verleen, nie. Die kurrikula van die skole vir swaksiendes in Engeland loop uit op die Certificate of Secon= dary Education met die oog op die uiteindelike verwerwing van handels- en tegniese sertifikate.

Aan die Priestley Smith School in Birmingham was die verskynsel aangetref dat 'n sillabus nie noodwendig deurgewerk word nie. As 'n leerling om een of ander rede nie met die werk kan volhou nie word hy toegelaat om op ander vakke of afdelings te konsentreer. As gevolg van hierdie gebruik word leerlinge dan ook bevorder wanneer daar 'n 'vakature' in 'n volgende klas ontstaan en nie noodwendig aan die einde van 'n skooljaar nie.

Die skole vir swaksiendes stel dikwels hulle eie silla= busse in Tikskrif en Diktafoontik op wat afwyk van die ampte= like sillabusse van die Departement van Onderwys. In hierdie vakke word akkuraatheid baie hoog aangeslaan en die opleiding is hoofsaaklik soos vir normaalsiendes. Houtwerk, Metaalwerk, Pottebakkery en Gipswerk word aan verskeie skole as nie-eksamenvakke aangebied.

Op die gebied van buitemuurse aktiwiteite, verenigings= lewe en stokperdjies word 'n groot verskeidenheid vir die leerlinge aangebied soos onder andere danse, kuns, debat, duiweboerdery, modelbou, swem, konynboerdery en so meer.

Die primêre kritiek wat teen die kurrikula van die skole vir swaksiendes in Engeland ingebring kan word is die gebrek aan koördinasie en uniformiteit op dié gebied, ofskoon skool= hoofde telkens die versekering gegee het dat hulle daarna strewe om so na as moontlik aan die leerinhoud van die gewone skool te beweeg, aangesien hierdie leerlinge weer vir voortge= sette sekondêre onderwys by die gewone skole geïntegreer word.

Die situasie soos aan die Exhall Grange School hierbo hou besondere verdienste in vir die swaksiende as gevolg van die diversiteit van studierigtings en wye vakkeuses wat vir die

swaksiende leerlinge aangebied word. Dit was die enigste skool in Engeland waar die indruk geskep was dat daar so pertinent in terme van gedifferensieerde kurrikula en silla= busse gedink word met inagneming van die swaksiende se beson= dere onderwysbehoeftes na aanleiding van sy gestremdheid, aanleg en vermoëns.

4.2.3 Nederland

Leerlinge aan skole vir swaksiendes in Nederland volg die kurrikula en sillabusse van die gewone basisskool (primêre skool) en van die voortgesette onderwys (sekondêre onderwys) redelik getrou na. Leerlinge lê ook dieselfde eksamens af as leerlinge aan die gewone Middelbare Voortgesette Onderwys. Die rede hiervoor is dat die oorgrote meerderheid swaksiende leerlinge na voltooiing van die Middelbare Algemene Voort= gesette Onderwys na die gewone HAVO-skole vir hoër voortge= sette onderwys gaan, waar hulle onderwys in 'n handels-, akademiese of tegniese rigting ontvang.

In sy jaarverslag van 1965 verwys die Hoofinspekteur van Buitengewone Onderwys in Nederland na die prestasies van gesigsgestremde leerlinge wat die HBS-diploma behaal het en in vakke soos die volgende geslaag het:

Nederlandse Handelskorrespondensie,
Stenografie,
Tikskrif,
Engelse Handelskorrespondensie.

Hy merk tereg op dat: "Het geven van voortgezet onderwijs aan b.l.o.-scholen is geen uitzondering meer en de belangstelling daarvoor groeit nog ieder jaar."[17]

Oor die aangeleentheid van die inhoudelike van die onderwys vir swaksiendes verklaar Oost, direkteur van die Prins Alexander Stichting, Zeist: "De school moet klein van omvang zijn: zij moet bestaan met een strakke binding aan vormen van gewoon onderwijs .... leerlingen die haar bezoeken

---

17. Tijdschrift voor Orthopedagogiek. April 1968, pp. 107-108.

moeten in staat zijn de leerstof van het gewone lager onderwijs te verwerken."[18]

Oor die aangeleentheid van kurrikula van skole vir swaksiendes in Nederland gee Holl, Hoofinspekteur van Buitengewone Lager Onderwijs die volgende verduideliking gedurende 'n persoonlike onderhoud in April 1972:[19]

Op primêre onderwysvlak (basisskool) skryf die Ministerie van Onderwys voor dat 'n skool ten minste die volgende vakke in sy kurrikulum sal aanbied:

Lees, Rekene, Skrif, Moedertaal, Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuurkunde, Sang, Handwerk en Tekene.

Daar is geen keusevakke op primêre vlak nie.

Op sekondêre vlak moet daar benewens die genoemde vakke van die primêre onderwys nog twee van die volgende voorgeskrewe vakke deur elke leerling geneem word: Frans, Duits, Engels, Handelskennis en Wiskunde.

Genoemde vakke word wetlik vir alle skole voorgeskryf, maar die sillabusse word deur die skole self uitgewerk. Handhawing van die standaard van die onderwys word verseker deurdat hierdie sillabusse deur die inspekteur van onderwys goedgekeur moet word.

In die derde studiejaar van die Middelbare Voortgesette Onderwys (MAVO) maak die leerlinge 'n kursuskeuse van ses vakke, 'n sogenaamde "vakkepakket". In hierdie ses vakke word dan aan die einde van die vierde jaar MAVO 'n finale eksamen afgelê.

Daar is sewe kombinasies van "vakkepakkette" waaruit die leerlinge kan kies, en die keuse hou in die reël verband met die beroep wat die leerling van voornemens is om te beoefen. Hierdie ses vakke vorm die kernkurrikulum van die vierde jaar MAVO.

---

18. Oost, P.S.N. "Naar dagonderwijs van slechtzienden". Tijdschrift voor Orthopedagogiek. Nr. 4, April 1964, p.174.
19. Kyk Bylae D, vrae 11 tot 16.

In die praktyk is dit bevind dat die skole vir swak= siendes in Nederland wel die goedgekeurde sillabusse raad= pleeg, maar dit nie noodwendig slaafs navolg nie. Wanneer leerlinge op 'n gevorderde ouderdom tot die skool toegelaat word, sal selfs groot dele weggelaat word en slegs op die mees relevante gedeeltes gekonsentreer word.

In vergelyking met die onderwys vir swaksiendes in die R.S.A. is dit opvallend dat die sillabusse in Nederland nie so 'n verskeidenheid en groot omvang van inhoud besit as wat in die R.S.A. die geval is nie.

Huishoudkunde word aan meisies aangebied en as deel van die sillabus word elementêre Moederkunde ingesluit. Die grondliggende gedagte is dat die swaksiende meisie opleiding moet ontvang in die versorging van 'n baba en die hele silla= bus het 'n baie praktiese grondslag.

Hout- en Metaalwerk neem 'n besondere belangrike plek in die kurrikulum in. By die Instituut te Bussem word op= leiding in Metaalwerk as 'n volwaardige kursus vir die swak= siendes aangebied onder die leiding van 'n instrukteur van die Tegniese Kollege. Die leerlinge vervaardig allerlei bruikbare artikels. Na drie jaar opleiding word hulle in die reël in fabrieke in diens geneem.

Benewens algemene Hout- en Metaalwerk, word daar ook aan swaksiendes onderrig aangebied in elektriese werk, radio= herstelwerk, Kuns, Kookkuns en Kabinetmakery.

By die beknopte oorsig van die kurrikula van skole vir swaksiendes in Nederland word dit duidelik dat, benewens die feit dat die inhoud van die onderwys op die lees van die gewone skool geskoei is, daar deeglik rekening gehou word met die eise wat die swaksiende kind aan die onderwys stel.

As die leerling nie by magte is om die omvang van die gewone sillabus te bemeester nie, word daar wel gedifferen= sieer ooreenkomstig sy vermoë - by wyse van eliminering van minder relevante leerstof in die sillabus.

Daar bestaan groter plooibaarheid in die kursuskeuses en vakkeuses op sekondêre vlak as wat die geval in die

R.S.A. is. In hierdie geval speel die moontlike beroep wat die jeugdige swaksiende gaan beoefen alreeds 'n prominente rol.

'n Betekenisvolle aspek van die onderwys vir swaksiendes in Nederland waarvan kennis geneem kan word met die oog op eie beplanning in die R.S.A., is dat die prakties-funksionele in die kurrikulum 'n regmatige plek toegesê word, in die besonder vir die leerlinge wat nie op teoreties-akademiese vlak tereg kan kom nie. Hier word veral gedink aan die opleidingsge= leenthede wat leerlinge in 'n tegniese rigting aangebied word. Daar is onder die indruk daarvan gekom dat daar 'n klemver= skuiwing in Nederland is vanaf die algemene onderwys na meer beroepsgerigte onderwys in die sekondêre skool. Die vak= kombinasies wat leerlinge aan die einde van die MAVO kies, dui reeds op 'n spesifieke beroepsrigting.

4.2.4 Wes-Duitsland

Die Schule Borgweg in Hamburg, die Sonderschule für Sehbehinderte in Hannover, die Rheinische Landesschule für Sehbehinderte in Duisburg en die Herman Herzog Schule in Frank= furt, kan as die toonaangewende skole vir die onderwys van swaksiendes in Wes-Duitsland beskou word. Aan die genoemde skole word 'n redelike uniforme onderwyspatroon gevolg en die volgende opmerkings oor die inhoud van die onderwys aan dié skole skets ook in breë trekke die situasie in die res van die Bundesrepubliek.

Daar word nie vir swaksiendes in afsonderlike skole voor= siening gemaak vir onderwys op hoër sekondêre vlak nie. Leerlinge wat na voltooiing van die primêreskoolfase op onge= veer 12-jarige ouderdom hoër onderwys wil ontvang, word na die gewone sekondêre skool (Realschule) oorgeplaas waar hulle die kurrikula en sillabusse van dié skole volg.

Die minderbegaafde swaksiende leerlinge bly in die skole vir swaksiendes tot ongeveer 16-jarige leeftyd op welke ouderdom hulle tot 'n beroep toetree of na beroepskole gaan vir verdere opleiding.

Die kurrikulum van die primêre skool (Grundschule) sluit

in die reël die volgende vakke in:[20]

Lees, Skrif, Spelling, Heimatkunde (Geskiedenis en Aardryks= kunde gekombineer), Gedigte, Verhale, Natuurstudie, Reken= kunde en Wiskunde gekombineerd op 'n elementêre vlak, Potte= bakkery, Houtwerk, Modelleerwerk, Liggaamlike Opvoeding, Musiek as 'n keusevak en Godsdiensonderrig as die ouers nie beswaar aanteken nie.

Omdat daar op sekondêre vlak ietwat uiteenlopendheid tussen die skole bestaan, sal enkele skole se kurrikula af= sonderlik aangedui word:

Sonderschule, Hannover

Na die Grundschule volg die Volkschule, ook genoem Hauptschule, met die volgende verpligte vakke: Duits, Wiskunde, Fisika, Chemie (Natuur- en Skeikunde), Biologie, Engels, Aardrykskunde. Engels word vanaf die ouderdom van 10 jaar geneem, so ook Tikskrif. Tegniese vakke word nie aangebied nie, maar wel Elementêre Houtwerk, Metaalbewerk= ing en Pottebakkery soos in die primêre skool. Vir tegniese onderrig moet leerlinge by 'n gewone tegniese skool geïntegreer word. Die kurrikula van die skool is nie opgestel met die oog op beroepsopleiding nie.

In die geval van die skool vir swaksiendes in Duisburg, verskyn daar benewens hierdie voorafgaande vakke ook Kuns, Musiek, Tekstielwerk, "Hauswirtschaft" en "Tegniese Werke" op die skoolrooster.

Schule Borgweg, Hamburg

Aan hierdie besondere skool word daar in drie studie= rigtings gedifferensieer na die voltooiing van die Grundschule, te wete 'n Hauptschule-afdeling, 'n Realschule-afdeling en 'n Handelschule. Die volgende vakke is verpligtend in die Volkschule en Realschule: Duits, Politieke Wetenskap, Frans, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuur- en Skeikunde, Handwerk/ Huishoudkunde en Wiskunde.

---

20. Kyk Bylae E, vraag 11.

In die handelsafdeling van die skool (Handelschule) verskyn die volgende vakke as verpligte vakke op die lesroos= ter: Handelsnelskrif, Braille Shorthand, Tikskrif (reeds vanaf die 5de skooljaar), Handelskorrespondensie, Kantoor= roetine (Sekretariële werk), Ekonomiese Wetenskap, Handels= engels, Handelsduits, Boekhou. Leerlinge wat Telefonie as 'n beroepsrigting kies, word vir die doel na ander sentra gestuur waar die nodige opleidingsfasiliteite bestaan.

Die prosedure in Wes-Duitsland is dat die onderwysower= heid van die betrokke "Land"[21] (byvoorbeeld Laer-Sakse, Noord-Ryn-Wesfale ens.) die riglyne (Rahmenplan) van die kurrikula van die skole vir swaksiendes opstel en dat die skole dan sekere keuses uit hierdie breë raamwerk maak. Die sillabusse word deur die skole self opgestel, ofskoon daar van owerheidsweë bepaal word hoeveel ure onderrig daar in elke vak sal wees.

Daar word gepoog om nie af te wyk van die kurrikula van die gewone skole nie, want vir voortgesette akademiese onder= wys en beroepsopleiding moet die leerlinge uiteindelik na 'n Gimnasium of beroepskool gaan en dan moet daar die nodige aansluiting wees.

Met die uitsondering van die Schule Borgweg in Hamburg is daar weinig sprake van gedifferensieerde kurrikula vir swaksiendes. Aan hierdie genoemde skool is daar, benewens die duidelik gedifferensieerde studierigtings, ook 'n mate van differensiasie op verskillende vlakke. So is daar by= voorbeeld vir die vak Engels nege verskillende groepe en in hierdie groepe mag dit gebeur dat daar 'n ouderdomsverskil van 2 tot 3 jaar in een groep kan wees.

Die kurrikula van die Hauptschule en Realschule vir swaksiendes word opgestel met die oog op algemene vorming, ofskoon die inhoudelike van die Realschule-kurrikulum oor= wegend akademies is.

---

21. Die Duitse Bundesrepubliek bestaan uit tien verskillende provinsies wat as "Länder" bekend staan.

Beroepsopleiding, in besonder tegniese skoling, geskied nie aan die skole vir swaksiendes nie. Vir hierdie doel moet die leerlinge by gewone skole geïntegreer word. In hierdie verband is die handelsopleiding aan die Schule Borgweg in Hamburg 'n uitsondering, want die opleiding eindig op onge= veer 20-jarige leeftyd en word met 'n sertifikaat afgesluit wat deur die Duitse Handelskamer erken word.

Die feit dat daar aan die skole vir swaksiendes so wei= nig beroepsgerigte onderwys geskied, word as 'n besondere leemte in die onderwyswese vir swaksiendes in Wes-Duitsland aangevoel, sodat in die jongste beplanning vir die onderwys vir swaksiendes in Wes-Duitsland (kyk hoofstuk 3, par.3.4.4.2) daar 'n tendens is om verskillende skole vir beroepsopleiding vir swaksiendes in die lewe te roep.

Gedurende hierdie ondersoek is dit deur skoolhoofde beklemtoon dat volwaardige tegniese opleiding aan bestaande skole vir swaksiendes besondere probleme oplewer vanweë die vele vertakkinge wat daar in die moderne tegnologie bestaan, die relatiewe geringe getal swaksiende leerlinge vir wie opleidingsfasiliteite geskep moet word en die groot uiteen= lopendheid van oogkondisies van die leerlinge.

As gevolg van bogenoemde probleme sal in die nuwe be= planning vir die onderwys van swaksiendes in Wes-Duitsland oorweging geskenk word om sekere tipes skole op 'n sentrale punt op te rig, wat dan byvoorbeeld uitsluitlik akademiese onderwys, handelsonderwys of tegniese onderwys aan leerlinge uit 'n spesifieke geografiese gebied sal voorsien.

Besondere kritiek wat teen die huidige stelsel van onderwys vir swaksiendes in Wes-Duitsland ingebring kan word is dat die skool vir swaksiendes kontak met die leerling ver= loor nadat hy sy nege jaar (10 jaar in die geval van die Realschule) skoolplig voltooi het en in die gewone Fachschule, Berufschule, Gymnasium of arbeidsektor opgeneem word, omdat daar in skole vir swaksiendes nie voorsiening gemaak word vir onderwys op hierdie vlakke nie.

### 4.2.5 België[22]

In die primêre afdelings van die skole vir swaksiendes in België word die program van die gewone skool gevolg en alle vakke is verpligtend. In die reël sluit die kurrikulum vakke in soos Aardrykskunde, Geskiedenis, Elementêre Natuur=wetenskap, Handwerk, Moedertaal, Rekene, Skrif, Liggaamlike Opvoeding en Musiek.

In die sekondêre afdeling word die vakke in drie kate=gorieë ingedeel, te wete: Algemene vakke, besondere vakke en tegniese vakke.

In die sekondêre afdeling, wat inderdaad 'n "laer sekon=dêre niveau" is, word daar in die kurrikula van die skole vir swaksiendes ook duidelik gedifferensieer in tegniese en be=roepsrigtings. "Tegniese vakke" hou egter nie dieselfde konnotasie in België in as in Suid-Afrika nie, omdat in België vakke soos Tikskrif, Diktafoontik (Dactylo), Telefonie en so meer, as "technische" vakke beskou word.

Die indeling van die kurrikula van die Koninklijke In=stituut te Woluwé en die Koninklijk Instituut te Spernalie, Brugge, sien as volg daaruit:

<u>Koninklijk Instituut voor Doven en Blinden, Woluwe – Kursusse en vakke</u>

1. <u>Afdeling Handel – Laer Sekondêre tegniese vlak</u>

   Katolieke Godsdiens

   <u>Algemene vakke</u>

   - Moedertaal
   - Frans (2de taal)
   - Engels (3de taal)
   - Duits (4de taal)
   - Geskiedenis
   - Aardrykskunde
   - Ekonomiese Aardrykskunde
   - Telefoniese Aardrykskunde
   - Wiskunde

---

22. Kyk Bylae D, vrae 11, 12, 13 en 14.

Natuurwetenskap
Handelskorrespondensie
Handelsrekene
Bedryfshuishoudkunde

<u>Spesiale vakke</u>

Liggaamlike Opvoeding
Musiek
Daktilografie (Diktafoontik)
Stenografie (Snelskrif)

<u>Tegniese vakke</u>

Reg
Familiale Opvoeding

<u>Beroepspraktyk</u>

Telefonie - prakties

2. <u>Afdeling Vlegwerk - Laer sekondêre beroepsvlak</u>

Katolieke Godsdiens

<u>Algemene vakke</u>

Moedertaal
Frans (2de taal)
Rekenkunde
Indiwiduele lesse (remediërend)

<u>Spesiale vakke</u>

Liggaamlike Opvoeding

<u>Tegniese vakke</u>

Warekennis (kennis van materiale)
Tegnologie

<u>Beroepspraktyk</u>

Prakties

3. <u>Banketbakkery - Laer sekondêre beroepsvlak</u>

Katolieke Godsdiens

<u>Algemene vakke</u>

Moedertaal
Frans (tweede taal)
Aardrykskunde
Geskiedenis
Wiskunde
Wetenskap (Biologie en Fisika)

Spesiale vakke

Liggaamlike Opvoeding

Tegniese vakke

Tegnologie

Beroepspraktyk

Prakties

Koninklijk Instituut, Spernalie, Brugge

1. Afdeling Handel

Katolieke Godsdiens

Algemene vakke

Moedertaal, Frans, Engels, Duits, Aktuele Probleme, Wiskunde, Biologie en Fisika, Handelskorrespondensie, Handelsrekene, Boekhou, Ekonomiese Aardrykskunde, Maatskaplike Reg, Bedryfshuishoudkunde, Ekonomiese Wetenskap.

Spesiale vakke

Liggaamlike Opvoeding
Musiekopvoeding
Daktilografie
Stenografie

Tegniese vakke

Gesinsopvoeding

Beroepspraktyk

Huishoudkundige skoling
Kookkuns
Handvaardigheid

In die Afdelings "Groepskoken" en "Biesvlechten" word die algemene vakke verminder, aangesien dit hoofsaaklik prakties-georiënteerde studierigtings is en daar word groter klem op die spesiale vakke, die tegniese vakke en beroepspraktyk geplaas soos byvoorbeeld:

"Serveerkunde"
Kookkuns
Handvaardigheid
Beroepsekonomie
Gesinsopvoeding

Tegniese Tekene
Vaktegnologie

Die kurrikula van die verskillende studierigtings word deur die Nationaal Verbond van het Katholiek Buitengewone Onderwys saamgestel en is nie noodwendig dieselfde as die van die openbare onderwys nie, maar is onderhewig aan die goed=keuring van die Ministerie van Nationale Opvoeding. In teorie besit die skole die mag om van die kurrikula en silla=busse te wysig en aan te pas by die praktyk en behoeftes van die swaksiende leerling. Skoolhoofde het egter verklaar dat daar gepoog word om nie veel af te wyk van die kurrikula van die gewone skole nie, want vir die hoër sekondêre onderwys, moet die leerlinge die gewone skole bywoon, indien hulle hulle studie wil voortsit na voltooiing van die laer sekondêre onderwys.

Oor die standaarde van die onderwys word daar 'n wakende oog gehou deur die sogenaamde Homologasiekommissie wat perio=diek die skool se program inspekteer en selfs die klaswerk=boeke van die leerlinge ter insae neem.

In die skole vir swaksiendes in België word daar by uit=stek besondere geleenthede vir die swaksiendes geskep om 'n onderwysprogram te volg wat van sy belemmering, belangstellings en vermoëns kennis neem, soos blyk uit die ryke verskeidenheid studiekursusse wat aangebied word.

Dit is opvallend watter klem op die praktiese en die beroepskundige aspekte in die onderwys geplaas word, sonder dat die akademiese en teoretiese verwaarloos word.

Gedurende die besoeke wat deur die skrywer aan die skole afgelê was, is dit egter deur die hoofde van die skole as 'n leemte in die onderwys van swaksiendes gestel dat daar nie in die skool vir swaksiendes 'n suiwer akademiese program in humaniora bestaan met die oog op toelating tot die tersiêre onderwys vir begaafde swaksiende leerlinge nie.

## 4.3 SAMEVATTING EN KRITIESE BESPREKING

In die voorafgaande oorsig oor die kurrikula in skole vir swaksiendes in die R.S.A., gesien teen die agtergrond van die oorsese beeld in die verband, is daar leemtes in die Suid-Afrikaanse onderwyspraktyk vir swaksiendes wat baie duidelik voorop staan.

4.3.1. In die oorsese lande wat onder oënskou geneem is, is dit telkens teengekom dat daar in die onderwys van swaksiendes pogings aangewend word om "so na as moontlik" aan die in= houd van die gewone onderwys te beweeg ten einde te ver= seker dat swaksiende leerlinge wat by die gewone onderwys wil aansluit, dit met die minste ongerief kan doen. Daar word ook na gestrewe om te voorkom dat 'n stigma van minderwaardige standaarde aan die onderwys vir swaksiendes mag kleef, sou daar te veel van die gewone onderwysinhoud afgewyk word. Nêrens word daar egter rigide reëls in die verband neergelê nie, of word die swaksiende se beson= dere eise aan die onderwys misken nie. In Nederland is bevind dat 'n sillabus nie slaafs deur 'n swaksiende nage= volg sal word, as sekere gedeeltes spesifiek buite sy ver= moë is nie.

4.3.2. In Suid-Afrika is die kursusse (kurrikula) en leerplanne (sillabusse) vir sekondêre skole, wat onder die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geressorteer het, met tussenposes reeds sedert 1961 in gebruik geneem en mutatis mutandis op skole vir swaksiendes van toepassing gemaak. Hierdie kurrikula en sillabusse word gekenmerk deur die oorwegend akademiese aard daarvan en toon weinig aanduiding dat die onderwysbehoeftes van die swaksiende kind in aanmerking geneem is.

4.3.3. In 1969 word daar tydens die besprekings op 'n Konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes op leemtes in die onderwys van swaksiendes gewys en word die akademiese oorwig van die kurrikula in skole vir swaksiendes in die R.S.A. pertinent genoem.[23]

---

23. Peach, P.P. "Huidige tendense in die onderwys van die gesiggestremde". Derde Konferensie oor die onderwys van Blindes en Swaksiendes, 1969, p.67.

As die kurrikula wat in Suid-Afrikaanse skole vir swak=siendes in gebruik is, vergelyk word met byvoorbeeld diè wat in soortgelyke skole in België aangetref word, dan is dit opvallend hoe beperk die keuse ten opsigte van studie=rigtings vir swaksiendes in die R.S.A. is. Van diversifi=kasie bestaan daar nog nie sprake nie en tydens hierdie ondersoek was daar slegs een duidelike studierigting te onderskei, naamlik die algemeen akademiese. In die geval van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria was daar wel vertoë tot die onderwysowerheid gerig om die fasiliteite te skep om ook 'n tegniese studierigting aan swaksiende seuns aan te bied.

As daar op die gebrek aan breër gedifferensieerde studie=rigtings vir die swaksiende in die R.S.A. gelet word, dan word die beleid soos aan die Exhall Grange School in Coventry, Engeland, naamlik "Our education is wide", meer betekenisvol.

Die leerinhoude in die skole vir swaksiendes in die R.S.A. is nog nie opgestel met inagneming van sekere grondslae van differensiasie nie. In dié verband was daar tydens hier=die ondersoek nie pertinent oorweging geskenk deur die betrokke owerhede aan die eise wat die swaksiende aan die onderwys stel nie en wat op sy somatiese gestremdheid, sy indiwiduele aanleg, belangstelling en vermoëns berus nie.

4.3.4. 'n Besondere leemte wat in die kurrikula van die skole vir swaksiendes in die R.S.A. aangetref was, is dat daar vir die leerlinge wat nie met die oorwegend akademiese program van die skool kan vorder nie, nie voorsiening gemaak word vir 'n volwaardige praktiese of funksionele studie=rigting en 'n ooreenstemmende kurrikulum nie. In die verband kan vermeld word dat die kursus "Banketbakkery", wat vir seuns aan die skool te Woluwé in België aangebied word, 'n besondere leemte in die verband vul.

Sodanige praktiese studierigtings kan reeds vanaf standerd ses of vroeër vir seuns en meisies ingestel word. In so 'n kursus sal die klem meer op die voorberoepskoling laat val word en sal keuses aangebied word ten aansien van vakke soos houtbewerking, skrynwerk, meubelmakery, timmermans=werk, metaalbewerking, montasiewerk, motorbakherstelwerk, pas- en draaiwerk, stoffeerwerk en bekleding, skilder en

dekoreerwerk, herstel van huishoudelike toerusting, boek=bindery en so meer.

In die geval van meisies kan in so 'n prakties beroeps=georiënteerde kursus vakke aangebied word soos kantoor=roetine, sekretariële werk, diktafoontik, telefonie, handelskorrespondensie, tuisverpleging, gesinsopvoeding, brei- en naaldwerk en so meer.

Tans is die gebruik nog dat slegs die verstandelik ver=traagde leerlinge, wat skolasties heeltemal uitval, in praktiese rigtings soos rottangwerk, vlegwerk, houtwerk en so meer gekanaliseer word. Hierdie leerlinge kom egter uiteindelik in beskutte werkplase te lande. Daar is be=newens hierdie leerlinge 'n kategorie swaksiendes wat as "dom-normaal" beskou kan word wat nie die akademiese program met sukses kan volg nie, maar wat goed tereg sou kom in 'n prakties-beroepsgeoriënteerde studierigting.

4.3.5. Die ongedifferensieerde kurrikula en sillabusse van die skool vir swaksiendes in die R.S.A. maak nie voorsiening daarvoor dat verskillende leerlinge nie tot dieselfde mate en graad 'n aanleg en vermoë in 'n spesifieke vak het nie. Drie seuns sou byvoorbeeld 'n belangstelling en aanleg in 'n meganiese rigting toon. Een sou dit sover bring as elementêre werktuigkundige of monteurswerk, die volgende een mag die peil van 'n tegnoloog bereik, terwyl die derde sal opgaan in die wiskundige besinning van die vak en die vlak van ingenieur bereik. Vir hierdie graadverskille in vermoëns binne die sfeer van dieselfde aanleg behoort daar kragtens die grondslae van differensiasie voorsiening gemaak te word dat 'n vak soos byvoorbeeld Meganika of Wiskunde op meer as een vlak aangebied word. In die geval van byvoorbeeld 'n tweede taal sou die een leerling reik na 'n studie in die lettere, terwyl die ander een die be=sondere taal slegs as 'n kommunikasiemedium in sy werkskring sou gebruik.

4.3.6. As gevolg van die beperkte kursus- en vakkeuses wat daar in die onderwys van swaksiendes bestaan, word die beroeps=moontlikhede van die swaksiendes in die R.S.A. besonder beperk. Die beroepsrigtings waartoe die akademiese

program van die skool vir swaksiendes lei, word deur weinig swaksiendes gevolg, omdat die swaksiende op die tersiêre onderwysvlak as gevolg van sy gesigsbelemmering, beswaarlik tereg kom.

Die afleiding moet gemaak word dat die enge kurrikula en beperkte kursuskeuse wat daar vir swaksiendes in die R.S.A. bestaan, een van die primêre oorsake is van die twyfelagtige toekomsperspektief en beroepsperspektief wat gedurende die ondersoek onder swaksiende jeugdiges aangetref was.

4.3 7. Dit is opvallend dat daar in die sekondêre afdeling 'n verskil is tussen die vakke wat die Prinshofskool en die Worcesterse Skool vir Blindes aanbied. So byvoorbeeld word Tikskrif as 'n verpligte vak te Prinshof aangebied, terwyl dit 'n keusevak te Worcester is. Tikskrif kan 'n besondere skryfmedium en studiemedium vir die swaksiende wees. Die vraag ontstaan in welke mate hierdie reëling te wyte is aan die pedagogies onverdedigbare praktyk dat swak= siendes en blindes saam onderrig ontvang in die sekondêre afdeling te Worcester en die kurrikulum opgestel is met die onderwysbehoeftes van die blinde in gedagte.

4.3.8. 'n Besondere leemte met betrekking tot die onderwys van swaksiendes, wat in alle lande onder oënskou geneem, aange= tref was, was die gebrek aan volwaardige opleidingsgeleent= hede in 'n hoër tegniese rigting. Vir hierdie doel moet swaksiendes deurgaans gebruik maak van onderwysfasiliteite aan gewone tegniese skole, waar die personeel nie altyd 'n begrip van die probleem swaksiendheid het en bekend is met die swaksiende se behoeftes en probleme in die didaktiese situasie nie. Waar dit uit hierdie ondersoek geblyk het dat die swaksiende 'n veel beter geleentheid in die be= roepswêreld het as daar in sy onderwys reeds 'n basiese opleiding in die meganiese, tegniese, klerklike en handels= rigtings was, is dit paradoksaal dat hierdie studierigtings so lank agterweë gelaat is ten gunste van 'n algemene akademiese onderwys vir die swaksiende waar die nodige onderwysgeleenthede, fasiliteite, kursusse, kurrikula nie tot sy beskikking gestel is nie.

## 4.4 GROEPERING, AANBIEDING EN HULPMIDDELS IN DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES

### 4.4.1 Groepering

#### 4.4.1.1 Groepering van swaksiende leerlinge aan die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Worcesterse Skool vir Blindes

Terwyl die Prinshofskool vir Swaksiendes in aanbou was, het 'n lang waglys van leerlinge ontstaan wat nie toegelaat kon word nie omdat die nodige onderwysfasiliteite nog nie voorheen bestaan het nie. Met die opening van die skool het 'n groot primêre afdeling en 'n relatiewe groot junior sekondêre afdeling meteens ontstaan, sodat daar drie standerd ses-klasse, twee standerd seweklasse, een standerd agt-klas, een standerd nege- en een standerd tien-klas was.

Op daardie stadium is geen poging tot groepering op grond van enige pedagogiese kriteria soos vermoëns, prestasies, intelligensie en so meer aangewend nie. Die leerlinge is bloot in die klasse ingeskryf in die orde wat hulle toegelaat is.

Wanneer die aangeleentheid van groepering by hierdie skool ter sprake kom, moet daar in gedagte gehou word dat die skoolgebou oorspronklik met die verstandhouding beplan is dat die uiteindelike onderwyser-leerlingkwota op ongeveer 1:7 of 1:8 te staan sou kom, dit wil sê dat die klasse baie klein sou wees.

Op 'n stadium toe daar besef is dat spesifieke kriteria vir groepering toegepas moet word, is daar besluit om die skolastiese prestasie van die leerling, hetsy op die skool waarvandaan hy kom, hetsy aan die Prinshofskool, tesame met sy I.K. as die norme te neem wanneer leerlinge in groepe ingedeel moes word.

Groepering van swaksiende leerlinge in klasse volgens intellektuele vermoëns en skolastiese prestasie, kan egter alleen geskied as die getalle in 'n standerd dit regverdig om 'n addisionele onderwyser te bekom en as daar voldoende klaskamers is.

Omdat suiwer indiwiduele onderrig nie altyd prakties moontlik is nie, word daar ook van interklasgroepering en die projekmetode gebruik gemaak. Leerlinge word dan sover moontlik in homogene groepe ten aansien van vermoëns en skolastiese pretasie binne die klaskamer gegroepeer.

Aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes, Worcester, word intelligensie as die belangrikste kriterium vir die groepering van leerlinge beskou. Veral in standerds vier en vyf wat in een klas saamgegroepeer is, word dit nodig dat interklasgroepering plaasvind en vir hierdie doel word die intellektuele vermoëns as norm aangewend.

Dit word ook gestel[23] dat dit soms nodig is om kronologiese ouderdom as 'n kriterium vir groepering by te bring, veral met betrekking tot die dom-normale groep wat in die reël ouer as die res van die klas is.

Dit is konsekwent bevind dat daar nie op grond van gesigsres gegroepeer word nie, want leerlinge van wie die gesig so swak is, dat hulle nie met die onderwysprogram van die swaksiendes kan byhou nie, word na die skool vir blindes oorgeplaas en saam met die blindes in een klas gegroepeer, waar hulle van braille as studiemedium gebruik maak.

Dit is duidelik dat wanneer die aangeleentheid van groepering ter sprake kom in skole vir swaksiendes in die R.S.A., dit nie altyd moontlik is om pedagogies verantwoordbare kriteria toe te pas nie. Fisiese faktore soos die beskikbaarheid van klaslokale en leerlinggetalle speel in sommige situasies 'n belangriker rol in die verband as opvoedkundige oorwegings.

Die feit dat aan skolastiese prestasie van die leerlinge, tesame met die kronologiese ouderdom, 'n besondere plek as norm toegeken word, is verdienstelik.

Tesame met die voorafgaande kriteria vir groepering is die intelligensie van die leerlinge 'n baie belangrike faktor

---

23. Kyk Bylae A, vraag 2.38.

want om leerlinge met 'n I.K. van 60 of 70 en minder, saam met leerlinge met 'n I.K. van 100 en meer in dieselfde klas saam te trek, sal pedagogies-didakties 'n onverantwoordbare situasie wees.

As gevolg van gebrek aan die nodige onderwysfasiliteite word daar tot die opvoedkundig onverantwoordbare praktyk oor= gegaan om swaksiendes en blindes saam te groepeer in die sekondêre afdeling aan die Skool vir Blindes te Worcester. Die primêre kritiek wat teen hierdie gebruik ingebring word is dat die twee groepe leerlinge van verskillende onderwys- en studiemedia gebruik maak, te wete visuele metodes in die geval van die swaksiendes en 'n taktuele (braille) metode in die geval van die blinde.

By wyse van toeligting kan die voorbeeld aangehaal word van 'n onderwyser wat 'n Natuurkunde- of Fisiologieles aanbied. Vir die swaksiende behoort die aanbieding op 'n visuele wyse te geskied waarby apparaat soos die oorhoofse projektor, sketse en kaarte bygebring sal word, terwyl vir die blinde die aan= bieding ouditief sal plaasvind met die bybring van 'n model wat betas kan word.

In die ondersoek wat met die oog op hierdie studie uit= gevoer is, het dit in die praktyk geblyk dat die blinde telkens die voordeel van die didaktiese situasie gehad het, omdat visuele aanbieding dikwels 'n verandering van lokaal sou mee= bring en apparaat soos 'n projektor, televisie en so meer sou moes opgestel word. Dit sou ook meer tyd en inspanning verg om so 'n visuele les aan te bied. Die onderwyser sou vir die oorhoofse projektor transparante moes voorberei waaraan die blinde geen erg het nie. Dit is veel makliker om 'n model te gebruik, wat deur die blinde betas kon word, en uit die hand= boek, wat in braille beskikbaar is, vir die blindes voor te lees. Laasgenoemde didaktiese prosedure werk stremmend in op die onderwys van die swaksiende.

4.4.1.2 Groepering van swaksiende leerlinge in enkele oorsese lande

In Engeland is gedurende hierdie ondersoek bevind[24] dat daar geen spesifieke kriterium vir groepering van swaksiende leerlinge binne 'n skool vir swaksiendes toegepas word nie, benewens die oorweging wat aan skolastiese peil geskenk word.

Binne die klaskamers waar die groepe klein is, is die onderwys hoofsaaklik op indiwiduele onderrig ingestel en word daar wel van leerlinge se indiwiduele aanleg, belangstelling, werkstempo en so meer kennis geneem. Skoolhoofde het gedurende die ondersoek die bewering gemaak dat in 'n klas van agt leerlinge dit wel moontlik is dat daar op agt verskillende vlakke onderwys aangebied kan word.

In Nederland[25] speel kronologiese ouderdom 'n belangrike rol in die groepering van leerlinge in die skole vir gesigsgestremdes. In die primêre afdeling is daar in die reël ses standerds, maar twee klasse word dikwels saam gegroepeer, byvoorbeeld standerds 1, 2 en 3, 4 en 5 en standerd 6. Binne so 'n standerd of klas vind daar verdere interklasgroepering plaas, gewoonlik op grond van kronologiese ouderdom en skolastiese peil.

In die sekondêre afdeling (MAVO) vind daar in die derde jaar vakgroepering binne dieselfde klas plaas wanneer leerlinge hulle "eksamenpakket" van vakke moet kies met die oog op die aflegging van die "Staatsexamen" aan die einde van die Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys. Omdat klasse klein is, is die onderrig hoofsaaklik op die lees van indiwiduele onderwys geskoei.

In Belgiese skole vir swaksiendes is die patroon met betrekking tot groepering op primêre onderwysvlak dieselfde as in Nederland, naamlik, groepering op grond van kronologiese ouderdom en skolastiese peil, en wel by -

---

24. Kyk Bylae C, vraag 10(g).
25. Kyk Bylae D, vrae 10(h), 18 en 22.

| | |
|---|---|
| ses- en sewejariges | - eerste graad (standerd) |
| agt- en negejariges | - tweede graad (standerd) |
| tien- en elfjariges | - derde graad (standerd). |

In die sekondêre afdeling vind groepering plaas op grond van die studierigting wat die leerlinge volg, te wete, tegniese, beroeps-praktiese en so meer. Binne die klaskamer vind daar soms interklasgroepering plaas op grond van intelligensie en werkstempo. Die onderrig is hoofsaaklik indiwidueel.

In Wes-Duitsland is ewe-eens bevind dat groepering primêr op grond van skolastiese prestasie, intelligensie en werkstempo plaasvind. Hier was dit ook genoem dat die graad van gesigsbelemmering wel in aanmerking geneem word as swak=siendes gegroepeer word in die onderwys.

In Hamburg, by die Schule Borgweg, is die praktyk aan=getref dat twee onderwysers saam vir een klas onderwys gee. Elke klaskamer het 'n kleiner aangrensende lokaal, wat as 'n "groepsonderwyslokaal" bekend staan waar een van die twee onderwysers aan twee of drie leerlinge onderrig kan gee, sonder om die res van die klas te steur, wat met 'n spesifieke taak besig is.

Aan hierdie skool is die praktyk ook aangetref dat leer=linge uit verskillende standerds vir 'n sekere vak saamge=groepeer word, volgens hulle skolastiese peil in die vak. So byvoorbeeld sal leerlinge vir die vak Engels uit verskil=lende standerds saamgegroepeer word vir 'n spesifieke periode. In hierdie klas mag daar vir hierdie betrokke periode leerlinge in hulle 8ste, 9de en 10de skooljaar wees.

Hier was dus 'n duidelike aanduiding dat leerlinge 'n vak op verskillende vlakke kan neem en daarvolgens gegroepeer word.

Evaluering

Uit die oorsig van die gebruike in verband met die groepering van leerlinge in 'n skool vir swaksiendes in die R.S.A. en oorsee, word dit duidelik dat daar besondere pro=bleme in die verband bestaan, wat eie is aan dié besondere kategorie van die buitengewone onderwys. Hierdie probleem

ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die feit dat 'n klein leerlingtal oor 'n wye ouderdomsverspreiding strek en dat daar uiterstes van vermoëns in die klein groep aangetref word. Hierby kom nog dat daar indiwiduele fisiese verskille met betrekking tot die verskillende oogkondisies en gesigsreste van die leerlinge bestaan.

As gevolg van die genoemde faktore is dit selde moontlik om 'n redelike homogene groep van meer as drie of vier leer=linge saam te stel.

Lightfoot beweer dat daar vir onderwysdoeleindes tog 'n mate of vorm van groepering toegepas moet word, maar dat die klem in die onderwys hoofsaaklik op indiwiduele werk en onder=rig sal val.[26]

Hy stel voorts 'n kompromis voor met betrekking tot kro=nologiese ouderdomsgroepering en groepering gebaseer op ver=standelike vermoëns, naamlik dat daar inisieel groepe saamge=stel kan word wat oor 'n ouderdomsverspreiding van drie jaar strek, met inagneming van die verstandsouderdom. Hierna kan die groepe geleidelik gebalanseer word deur oordeelkundige verskuiwing van die minder intelligente leerlinge na 'n laer groep en die meer intelligente leerlinge na die hoër groep. 'n Leerling moet egter slegs na die hoër groep geskuif word indien hy tot die hoogste ouderdomsgrens van die klas behoort.[27]

Lightfoot beveel verder aan dat 'n klas in drie werks=eenhede (units) ingedeel word wat onder toesig van 'n groep=leier met die werk kan aangaan ten einde die onderwyser die geleentheid te gee om met 'n ander groep leerlinge besig te wees of om indiwiduele hulp te verleen.[28]

Dit is uit die oorsig duidelik dat die mees doeltreffen=de en ideale onderwyssituasie met betrekking tot hierdie leerlinge sou wees dat klasgroepe besonder klein is en dat die onderwyserstoekenning aan 'n skool vir swaksiendes besonder ruim sal wees. In die praktyk is dit selde moontlik om die

---

26. Op.cit., p.72.
27. Loc.cit.
28. Ibid., p.81.

onderwysideaal van indiwiduele onderrig te verwesenlik, omdat oorwegings soos die hoë koste verbonde aan hierdie onderwys dit nie moontlik maak nie.

Ofskoon dit nie altyd verband hou met die onderrigsituasie nie, is daar nog 'n fisiese aspek wat in gedagte gehou moet word met die oog op groepering van swaksiende leerlinge in 'n besondere kategorie van gesigsgestremdheid.

Hoëgraadse miope behoort in twee groepe ingedeel te word op grond van oftalmologiese kriteria, naamlik 'n groep met 'n progressiewe en 'n groep met nie-progressiewe oogkondisies.

Eersgenoemde groep leerlinge behoort baie maklik onder=skeibaar te wees deur middel van byvoorbeeld 'n lapelken=teken, want dit is dié leerlinge wat nie aan aktiwiteite soos duik, swem, boks, gewigte optel en so meer kan deelneem nie omdat dit moontlik verdere beskadiging van die oë kan veroor=saak, soos byvoorbeeld retinale loslating.

4.4.2 <u>Aanbieding en hulpmiddels in die onderwys van swak=siendes</u>

4.4.2.1 <u>Aanbieding en hulpmiddels in die onderwys van swak=siende leerlinge in die R.S.A.</u>

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om 'n breedvoerige uiteensetting te gee van die metodes en tegnieke wat in die onderwys van swaksiendes plaaslik en oorsee aan=gewend word nie, want in die laaste instansie lê dit op die gebied van die vakdidaktiek wat deur onderwysers op indiwidue=le wyses benader en aangewend word. In die volgende paragrawe sal daar in die breë gelet word op die heersende wyses van aanbieding van die leerinhoude aan die swaksiende deur die gebruikmaking van gespesialiseerde hulpmiddels.

By die aanbieding van die leerstof in skole vir swak=siendes in Suid-Afrika moet in gedagte gehou word dat daar in hoofsaak twee duidelik onderskeibare kategorieë leerlinge in so 'n skool aanwesig is, te wete dié groep wat die skool van meet af aan, selfs op pre-primêre vlak bygewoon het, en 'n groot persentasie leerlinge wat aanvanklik die gewone skool bygewoon het.

Laasgenoemde groep het as gevolg van die degenerasie van hulle oogkondisies in die gewone skoolprogram begin om skolas= ties uit te val omdat hulle die tempo nie kon volhou nie totdat hulle noodgedwonge tot die spesiale skool toegelaat moes word. Op die stadium wanneer die leerlinge vir die eerste maal tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat word is dit in die praktyk bevind en is dit 'n voor-die-hand-liggende feit dat hierdie leerlinge reeds 'n skolastiese agterstand het in vergelyking met ander leerlinge van dieselfde ouderdom en ver= standsvermoë.

In die geval van hierdie kategorie leerlinge is dit nodig om, benewens die gespesialiseerde metodes en hulpmiddels wat hulle visuele gebrek in aanmerking neem, ook nog addisionele orto-didaktiese hulp aan te wend, by wyse van indiwiduele onderrig, addisionele klasse en gespesialiseerde hulp wat binne die terapeutiese terrein van dic psigologiese dienste van die skool val.

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes word die swaksien= de kind tot die pre-primêre of voorbereidende klas van die skool op ongeveer vyfjarige leeftyd toegelaat ten einde hom die geleentheid te gee om homself te oriënteer en vir die for= mele onderwys gereed te raak.

Hierdie oriënteringsperiode kan van een tot drie jaar duur, afhangende van die kleuter se skoolgereedheid.

Die aanbieding in hierdie klas is hoofsaaklik op spel gebaseer en is van 'n sintuiglike aard. Die hoofdoel in die aanbieding is om vir die swaksiende kleuter 'n veilige, ge= borge milieu in die skool te skep.

Leerlinge word ge-evalueer met die oog op toelating tot die eerste klas van die primêre skool op grond van hulle luistervermoë, praatvermoë, leesgereedheid, klankherkenning, skryfgereedheid, rekengereedheid en getalleherkenning.

Die aanbieding geskied hoofsaaklik ouditief-visueel deur prente, die platespeler, die bandmasjien, legkaarte, resita= sies, oog-hand koördinasie, getalsbegrippe konkreet voorgestel tot die getal vyf, sang en speletjies. Behoorlikheidsbegrippe

word ook bygebring soos byvoorbeeld gehoorsaamheid, nee, moenie, dankie, asseblief en so meer.

Uitstappies word buite die klaskamer onderneem met aandag aan mobiliteit en oriëntering tot die omgewing sodat die swaksiende kind vrylik op die skoolterrein kan beweeg en enige lokaal in die skool kan opspoor en selfs buiteplekke kan besoek.

In die primêre afdelings van die skole vir swaksiendes in die R.S.A. (Prinshofskool en Worcester) is die aanbieding grootliks op dieselfde lees geskoei as hierbo uiteengesit. Besondere pogings word aangewend om sover moontlik indiwiduele onderrig aan leerlinge te gee waar die klasse klein is.

Verhale, radioverhale en gedramatiseerde verhale word vir die kleiner kinders op band opgeneem en teruggespeel.

Selfontwerpte en selfvervaardigde hulpapparaat word vrylik in die primêre afdeling aangewend, altyd met inagneming van die eise wat die kind aan die onderwys stel as gevolg van sy gestremdheid.

Deur middel van driedimensionele voorwerpe word die tas=sintuig bygebring om die verlies aan gesig aan te vul. So byvoorbeeld word in 'n vak soos Fisiologie 'n lewensgroot model van die menslike liggaam gebruik, waarvan die verskil=lende organe, ledemate en so meer verwyder kan word en weer aanmekaargesit kan word. Op die videoband word klank en beeld gekombineer en met groot sukses in die didaktiese situa=sie aangewend. Die onderwyser berei die les vir toekring=televisie voor wat in beide die Prinshofskool en die Afdeling vir Swaksiendes aan die Worcesterse Skool vir Blindes in ge=bruik is. Die waarde van hierdie hulpmiddel wat uit 'n groot sentrale skerm met kleiner monitor-skerms bestaan, kan beswaar=lik oorskat word.

Projekte wat onderwysers indiwidueel en op eie inisiatief aanpak met die oog op die ontwerp van nuwe metodes en tegnieke van aanbieding, word deeglik deur hulle beskryf en op vak=vergaderings met die personeel bespreek. Daar word deeglik

rekord gehou van die vordering, probleme en resultate wat behaal word. Senior onderwysers vergader gereeld om koördinasie te bewerkstellig.

In die aanbieding van die leerstof word dit allerweë besef dat daar baie van mondelinge werk en herhaling gebruik gemaak moet word ten einde vaslegging te verseker. Deur middel van gereelde toetsing word hierdie vaslegging gekontroleer.

Een van die primêre redes waarom swaksiende leerlinge in die R.S.A. in afsonderlike skole onderwys ontvang, is dat die besondere skool oor hulpmiddels en dienste beskik wat in die didaktiese situasie bygebring word waaroor die gewone skool nie beskik nie.

In hierdie verband word daar in die primêre afdeling veral gebruik gemaak van dik swart potlode of koki-penne en skrifte met donker liniëring op 'n wit agtergrond. Waar moontlik word optiese korreksie deur middel van brille en spesiale handlense aangebring.

In die klaskamers word voorsiening gemaak vir spesiale beligting deur verstelbare lampe en groot vensters met hortjiesgordyne. Bykomstige hulpmiddels sluit onder meer in verskuifbare swartborde, bandopnemers, truprojektors en transparante wat die onderwyser vooraf maak en op 'n skerm projekteer, oorfone, donker hoekies vir fotofobiese leerlinge, verligte aardbolle, spesiale banke waarvan die skryfblad verstelbaar is, grootdrukboeke, spesiale lees- en rekenkundeboeke en 'n menigte van selfvervaardigde apparaat soos byvoorbeeld reliëfmodelle wat die onderwysers gebruik na gelang die behoefte ontstaan.

Tydens besoeke aan klaskamers gedurende hierdie ondersoek was dit opvallend dat die klassituasie in die skole vir swaksiendes aansienlik verskil het van die formele klassituasie van die gewone skool. Die onderwysers beweeg veel meer tussen die leerlinge en daar word gedurig gepoog om die leerlinge almal in die situasie te betrek. Leerlinge beweeg ook meer vrylik om byvoorbeeld na die swartbord te loop en

met mekaar te praat oor die werk. In die reël is daar altyd een of meer leerlinge by die onderwyser vir indiwiduele aandag en hulp; andersins beweeg die onderwyser(es) van een lessenaar na die ander om persoonlike aandag aan leerlinge te gee.

Op die sekondêre onderwysvlak in besonder, word toe=kringtelevisie, bandopnemers, die oorhoofse projektor, die 35-millimeter projektor, die lusprojektor, die platespeler en verskillende druk- en lettertipes baie vrugbaar as hulp=middels in die onderwys aangewend.

'n Besondere faset van die onderwysmetodiek is die tendens tot gesigsbewaring, of opvoeding-tot-sien, waardeur die swaksiende kind aangemoedig word om sy gesigsres te oefen en te gebruik. Besondere sukses is reeds in die verband te Worcester behaal. Die doelstelling met hierdie metode is nie om noodwendig beter gesigsvermoë te bewerkstellig nie, maar beter gesigsprestasie en die verbetering van skolastiese prestasie kan in byna alle gevalle aan 'n beter benutting van die gesigsres toegeskryf word. Dit blyk veral dat die ouer leerlinge hulle gesigsreste beter aanwend vanweë die langer periode van opvoeding-tot-sien wat hulle moes deurloop het.

Onderwysers beklemtoon die feit dat die swaksiende die=selfde werk as die normaalsiende kan behartig, maar teen 'n stadiger tempo. Hy het wel die beperking in die leergebeure dat hy nie altyd 'n globale indruk van byvoorbeeld 'n landkaart of die bladsy van 'n boek het nie as gevolg van die mikro-omvang van sy gesigsveld wat by sekere oogkondisies soos hipermetropie voorkom. Dit bring 'n beperking in ruimtelike oriëntasie mee. In die geval van 'n landkaart kan hy byvoor=beeld beswaarlik streke, plekke, provinsies, riviere en so meer in perspektief sien. Dit geld ook vir Wiskunde, Meet=kunde en aspekte van taalonderwys soos die begripstoets. Die onderwyser moet van hierdie besondere didaktiese probleme kennis dra in die aanbieding van die leerinhoude aan die swak=siende leerling.

Die lees-, spelling- en taalvermoë van die swaksiende is in die reël onder die gemiddelde, want hy lees min en met

inspanning en neem dus nie die geskrewe taalsimbool so dikwels waar as sy siende eweknie nie. Omdat hy so min lees is sy woordeskat in die reël ook beperk.

In die aanwending van die skoolbiblioteek as onderwys=hulpmiddel was die ondervinding te Worcester dat die swaksiende leerlinge 'n traagheid aan die dag gelê het om leesstof in die skoolbiblioteek te gebruik, maar dat hulle eerder van boeke op band gebruik maak. 'n Leemte wat in die verband ondervind is, was dat die skoolbiblioteek nie ten volle as onderwyshulpmiddel benut word nie. Daar het vir die swak=siende leerlinge te Worcester geen biblioteekperiode tydens lesure op die skoolrooster verskyn soos wat die reël aan ge=wone skole is nie. Die stelling is gemaak dat die gewone skoolrooster so vol is en die skoolure so lank is, dat daar nie nog 'n biblioteekperiode gedurende skoolure ingeruim kon word nie.

Met die swaksiende leerlinge se spesifieke lees- en taalprobleme in gedagte word daar vir die sekondêre leerlinge aan die Prinshofskool, benewens die genoemde hulpmiddels, ook in die skoolbiblioteek van studiehokkies gebruik gemaak wat van oorfone voorsien is en met 'n bandapparaat verbind is. Die skoolbiblioteek is ook voorsien van "Projection Magnifiers", 'n instrument waarmee die bladsye van 'n boek verlig word en die skrif vergroot word ten einde die swaksiende se lees te vergemaklik.

Die tagistoskoop, die gekontroleerde leesapparaat en "Language Master" word hoofsaaklik deur die psigologiese diens van die Prinshofskool aangewend in verband met die remediëring van lees- en taalprobleme. Die Stillitron-apparaat word aan=gewend vir hersiening en vaslegging in indiwiduele onderwys, veral vir leerlinge wat vinniger as die res van die klas vorder, om sodoende 'n versnelde tempo te kan volg.

Gedurende die besoeke aan die Suid-Afrikaanse skole vir swaksiendes is dit gevind dat besondere sukses behaal word met die aanbieding van Tikskrif op die verskillende tipes tik=masjiene met groot, medium en standaard lettertipes, ooreen=

komstig die indiwiduele leerlinge se gesigsvermoë. Die aanbieding verskil van die konvensionele metode in die sin dat die kinders met twee vingers begin tik, daarna met die volgende twee, totdat al die vingers van albei hande gebruik word. Klankdimensie word as hulpmiddel by die aanbieding van tik bygebring deurdat drilwerk op maat van musiek gedoen word, waardeur die onderwyseres die tempo kan reguleer. Daar word vir die swaksiende leerlinge besonder op akkuraatheid gelet en hoë standaarde word gehandhaaf.

4.4.2.2 Aanbieding en hulpmiddels in die onderwys van swaksiendes in enkele oorsese lande

i. Nederland

In die primêre skool in Nederland ontvang die swaksien= de leerlinge in afsonderlike klasse onderrig deur middel van visuele metodes, maar vanaf ongeveer 12-jarige leeftyd, dit wil sê in die middelbare afdeling, word swaksiendes en blindes dikwels saam gegroepeer en moet daar in dieselfde klas van twee aanbiedingsmedia, te wete braille en 'n visuele medium, ge= bruik gemaak word.

Soos in die R.S.A. lewer hierdie situasie velerlei didak= tiese probleme op omdat die twee groepe leerlinge se behoeftes op die gebied nie dieselfde is nie, en die reël tot ver= waarlosing van die een groep (die swaksiendes) lei.

Oor die aangeleentheid van aanbieding en metode van onderwys aan swaksiendes in Nederland huldig Van Weelden die standpunt dat hulle "didactisch met heel andere methoden benaderd dienen te worden dan blinden."[29]

In die primêre afdeling word die sosiale vorming en behoorlikheidsleer as belangrike onderrigfunksies beskou. Leerlinge ontvang in die verband veral onderrig in tafelmaniere, kleding, sosiale omgang, menseverhoudings, seksonderrig, vrye= tydsbesteding en stokperdjies.

In die primêre skool word deurgaans van siende metodes gebruik gemaak omdat die "slechtzienden zienden zijn", en

29. Van Weelden, J. Blinde kinderen, p.276.

in die verband word die tradisionele metodes in Nederland, net soos in die R.S.A. ook gebruik, naamlik simbole, modelle, prente, klank, musiek, swartbordwerk, kaarte en so meer.

Wat belangrik is in die aanbieding van die leerstof, is die waarde wat daar aan die gebruik van "opvoeding-tot-sien" geheg word. In die aanvangstadium word daar van groot simbole, voorwerpe en lettertipes gebruik gemaak soos in die gewone primêre skool. Met die oog op die maksimale benutting van die gesigsres van die leerlinge word die skrif en simbole geleidelik verklein ooreenkomstig die oogkondisie van die indiwiduele kinders. Ver- en nabygesig word sover moontlik gestimuleer en ontwikkel deur praktiese aanwendinge soos die skakel van telefoonnommers, die lees van straatname en verkeerstekens. Dwarsdeur die kind se skoolloopbaan word hy aangemoedig en geforseer om kleinerwordende skrif te lees. Hierdie proses van opvoeding-tot-sien word in een of ander vorm, deur die aanwending van verskillende metodes aan veral die De Wijnberg Instituut te Grave, die Instituut Henricus te Nijmegen en die Prins Alexander Stichting, Zeist, in Nederland beoefen.

Deur hierdie proses word daar nie gepoog om die gesigsvermoë fisiologies te verbeter nie, maar wel die gesigsprestasie, dus die maksimale benutting van die gesigsres wat andersins by gebrek aan stimulus in onbruik kan raak of degenereer. Besondere resultate word aan die genoemde instansies behaal sodat die leerlinge in die vierde skooljaar reeds gewone skrif kan lees en geen mobiliteitsprobleme ondervind nie. Dit is voor-die-hand-liggend dat hierdie beter visuele prestasie tot beter skolastiese prestasie moet lei.

Nederland is een van die Westerse lande wat die toon aangee in die implementering van gespesialiseerde hulpmiddels in die onderwysaanbieding aan gesigsgestremde leerlinge.

Een van die belangrikste hulpmiddels in dié verband is toekring- en opebaan-televisie. So 'n stelsel bestaan gewoonlik uit een of meer groot beeldradioskerms met verskeie kleiner monitors met indiwiduele verstelbare skerpte, fokus en klankproduksie. Daar is waarskynlik geen enkele onderwys=

hulpapparaat wat klassikaal en indiwidueel met groter sukses in die onderwysaanbieding van swaksiendes aangewend kan word nie. Dit open die makro-wêreld vir die swaksiende deur middel van sy visie. Hy kan nou op 'n afstand en teen 'n tempo waarneem wat by sy besondere oogkondisie pas.

In Nederland was die bevinding dat die kleiner skerm in swart en wit minder flikkering toon met 'n beter definisie as die groot skerm. Dit skakel ook die probleem van kleurblind=heid uit en geen nadelige gevolge vir die swaksiende se oë kon nog waargeneem word nie.

In 'n persoonlike onderhoud verklaar P.S.N. Oost van die Alexander Stichting te Zeist, dat televisie nie meer weg te dink is uit die onderwys van swaksiendes nie. Die gebruik van televisie moet egter binne perke gehou word sodat leer=linge nie ure aaneen by die skool en die huis voor die skerm deurbring nie.

Die oorhoofse projektor word vrylik in skole vir swak=siendes in Nederland aangetref. By die De Wijnberg Instituut te Grave is 'n interessante variasie van die konvensionele oorhoofse projektor in gebruik, in die sin dat daar in plaas van een skerm, vier verskillende skerms is waarop vier beelde gelyktydig geprojekteer word.

In die skole vir swaksiendes in Nederland word daar ruim=skoots gebruik gemaak van modelle van voëls, diere, vliegtuie, motors, busse, reptiele en so meer. Hierdie modelle word eg=ter meer in die taktuele aanbieding vir die blindes as vir die swaksiendes gebruik.

In verband met die gebruik van grootdrukboeke, word uit=eenlopende beskouinge in Nederland aangetref. Met die praktyk van opvoeding-tot-sien altyd in gedagte, word daar in die reël van grootdruk in die aanvangsonderwys gebruik gemaak. Die druk word dan elke jaar kleiner met die verwagting dat 'n leerling in sy vierde skooljaar gewone druk sal kan lees. Leerlinge wat nie gewone druk kan lees nie word van 'n ver=grootglas voorsien. Hierdie gebruik sluit aan by die siens=wyse wat by die Prins Alexander Stichting gehuldig word,

naamlik dat "de slechtziende een ziende is, die tot een zo=danige visuele prestatie gebracht moet worden, dat hy in het maatschappelijk verkeer kan meekomen."[30]

Aangesien verskeie van die skole vir gesigsgestremdes in Nederland oor afdelings vir blindes en swaksiendes op die=selfde terrein beskik, word die swaksiende wat nie deur middel van visuele aanbieding in die onderwys kan vorder nie, baie gouer na braille as studiemedium oorgeskakel as wat die geval in die R.S.A. is, waar so 'n oorskakeling met groot ontwrigting vir die swaksiende gepaard gaan omdat die skole vir swaksiendes en blindes in die R.S.A. in sommige gevalle geografies besonder ver van mekaar geleë is.

Afgesien van die gebruik van televisie as onderwyshulp=middel in Nederlandse skole vir swaksiendes, word daar ook ruimskoots van die volgende media en apparaat gebruik gemaak: bandhulp, filmstrokies, gewone- en grootdruktikmasjiene, die taallaboratorium, kaarte, lugfoto's, modelle, spesiale linië=ring van skrifte, verskillende spesiale skryfapparaat, vanaf die gewone balpuntpen tot viltpenne, verstelbare banke, 'n verskeidenheid van wyses van beligting, te wete plafonligte, hangligte, lessenaarlampe, indiwiduele kopligte en ligte wat verstelbaar is vir intensiteit.

Die besoeker aan die Nederlandse skole vir swaksiendes kom tot die gevolgtrekking dat geen moeite of onkoste ontsien word nie om in die onderwysaanbieding te verseker dat die swaksiende se besondere onderwysbehoeftes in die didaktiese situasie in ag geneem word en daarvoor voorsiening gemaak word.

ii. Engeland

As gevolg van die feit dat daar geen koördinerende lig=gaam in Engeland vir die onderwys van swaksiendes bestaan nie, word daar groot uiteenlopendheid in die onderwyspraktyk aange=tref met betrekking tot aangeleenthede soos kurrikula, silla=busse, metodes, tegnieke, handboeke, hulpmiddels en so meer. Die gevolg is dat elke skool op sy eie werk en die enigste

---

30. Prins Alexander Stichting. Jaarverslag 1965-1966, p.23.

onderlinge skakeling wat daar wel mag geskied, is by samesprekings wat gereël word deur die Association for the Partially Sighted waarvan die skole lede is.

Gedurende besoeke wat aan die skole in Engeland afgelê is, was dit duidelik dat die residensiële skole in die algemeen onderwys van 'n hoër gehalte aanbied as die dagskole.

Waar spesiale klasse aan gewone skole bestaan soos byvoorbeeld aan die Brooke Comprehensive School in Sheffield, word pogings aangewend om wanneer moontlik hierdie klasse met die res van die skool te integreer. Dit verg goeie samewerking tussen personeellede onderling. So byvoorbeeld sal die onderwysers in die gewone klas ruim geleentheid aan swaksiendes bied om voor in die klas te sit, na die swartbord te beweeg, voorkeurposisies by demonstrasies in te neem en selfs van die tassintuig gebruik te maak wanneer nodig. Daar moet dus in die klassituasie spesiale voorsiening gemaak word vir die eise wat die swaksiende aan die onderwys stel.

Die kritiek teen hierdie praktyk is egter dat die swaksiende leerlinge basies nie genoegsame aandag kry nie omdat die mate waarin vir hulle gebrek in so 'n gewone klas voorsiening gemaak word in die reël nie voldoende is nie. Hierdie leerlinge word nog te veel as 'n aanlaslappie aan die skool beskou en van die meeste aktiwiteite uitgesluit. Omdat hulle maatskaplik uitgesluit word, soek hulle mekaar op as 'n groepie soortgelykes.[31]

In die kleinkinderafdeling van sulke gewone skole met spesiale klasse vir swaksiendes word die gesigsgebrek en andersheid van die swaksiende kind nie so beklemtoon nie omdat die speelgoed, apparaat, kaarte, modelle, prente, skrif en so meer in die reël groot genoeg is vir alle kinders om te kan sien.

Enkele aspekte van die aanbiedingswyses en onderwyshulpmiddels wat in Engeland opgeval het, was die volgende:

---

31. Peach, P.P. Op.cit., p.106.

a. Aan die Priestley Smith School, Birmingham, wat 'n dagskool is, word veral aandag geskenk aan die taalvaardigheid van die leerlinge. Die konvensionele metode en korreksie van taalwerk en opstelle bestaan nie. Dit word van meer belang geag dat die leerlinge die vermoë sal ontwikkel om deur middel van taal uitdrukking aan hulle gedagtes te gee. Besondere klem word ook op skrifverbetering gelê. Aanvanklik skryf die leerlinge in drukskrif met 'n geleidelike oorskakeling na eenvoudige loopskrif.[32]

b. Aan die St. Vincent School for the Blind and partially sighted, Liverpool, word die abacus in die laer standerds gebruik vir die onderrig van Rekene.

c. Aardrykskunde word in al die skole vir swaksiendes van besondere belang geag en spesiale landkaarte, met nie te veel besonderhede op nie word in die aanbieding gebruik.

d. In die vak Omgewingsleer word van elementêre planne en kaarte gebruik gemaak om die swaksiende leerlinge te oriënteer met betrekking tot die klaskamer, die skoolgebou en die omgewing. Opvallend is hoeveel daar van kleure in al die apparaat gebruik gemaak word. Die teorie word dikwels met praktiese konstruksie opgevolg soos byvoorbeeld 'n les oor 'n plaas of 'n oase word in die handwerkperiode opgevolg deur modelle daarvan te bou.

e. Klaskamers en skole word spesiaal ontwerp en opgerig met inagneming van die onderwysbehoeftes van swaksiendes en beskik oor verligte plafonne wat skaduvrye beligting gee, volwydte vensters wat suidwaarts front om 'n maksimum daglig toe te laat, venesiese hortjiesgordyne om weerkaatsing te beheer en ligte pastelkleure vir binneversiering. 'n Groot verskeidenheid van hulpmiddels word gebruik in die aanbieding van die leerinhoude, byvoorbeeld grootdruktikmasjiene, lessenaars met verstelbare skryfblaaie, projektors van verskillende aard, televisie, radio's, reliëfkaarte, handlense en lense wat in brilrame gemonteer is.

---

32. Ibid., p.102.

f. Op die gebied van hulpmiddels in die onderwys van swak=siendes is die Exhall Grange School in Coventry een van die beste toegeruste skole in Engeland. Die lokale is ruim en goed beplan, terwyl elkeen voorsien is van swart=borde met aansteekborde, hortjiesgordyne vir die regulering van daglig, interkomstelsels, radio's, telefoonverbinding vanaf die klaskamers na die hoofskakelbord sodat die kleiner kinders ook kan leer om die telefoon te gebruik. Beide opebaan- en toekring-televisie word aangewend maar in eersgenoemde geval word die programme streng gekontroleer. Die skool beskik oor drie toekring televisiestelle wat verskuifbaar is na die verskillende klaskamers.
Die video-bandmasjien word ingeskakel in die onderwysaan=bieding sodat beeldradiolesse wat besonder waardevol is, hervertoon kan word. Die beeldradiokamera van die skool word gebruik om enige toneel op die skerm te bring wat normaalweg nie binne die sfeer van die swaksiende val nie.

g. In die aanbieding van die vakke Aardrykskunde, Pottebakkery, Geskiedenis en Elektrisiteit word 'n verskeidenheid instru=mente, apparaat en modelle gebruik, soos onder andere spesiale barometers, anometers, voltmeters en die ossiloskoop. almal so ontwerp dat dit maklik leesbaar is vir die swak=siende.

In die oudio-visuele afdeling van die skool, word doel=treffende apparaat vervaardig wat deur die onderwysers in die aanbieding van die leerstof as hulpmiddels gebruik word en in die verband is dit besonder betekenisvol dat die skool oor die dienste van 'n voltydse tegnikus en twee tegniese assistente beskik om onderwysers behulpsaam te wees in die opstel van apparaat en die onderhoud van gesofistikeerde instrumente en uitrusting. Die genoemde tegnici vervaardig onder meer mate=riaal wat gebruik word in filmprojektors met klankband en vir oorhoofse projektors. Hulle is ook verantwoordelik daarvoor om kaarte wat onderwysers in die klaskamers benodig te vergroot.

Daar bestaan indiwiduele studiehokkies (carrols) waar leerlinge van films en band gebruik kan maak. Grootdrukboeke word nie aan hierdie skool gebruik nie, maar die leerlinge

ontvang optiese hulpmiddels soos vergrootglase vir die lees van gewone skrif.

Die mate waarin daar in die aanbieding van besondere hulpmiddels gebruik gemaak word, hang ten nouste saam met die gesigsgebrek van die leerlinge en hulle persoonlike eise wat hulle aan die onderwys stel. Die onderwyser op sy beurt ge= bruik die nodige hulpmiddels in ooreenstemming met die aanbe= velings van die oogarts en die skool se mediese beampte.

iii. <u>België</u>

Die volgende aspekte van die onderwysaanbieding in België en onderwyshulpmiddels in die verband verdien spesiale ver= melding:

a. In die primêre afdeling van die skole vir swaksiendes in België word daar in die klaskamersituasie besondere pogings aangewend om die kind se gesigsprestasie te verbeter en sy gesigsreste optimaal te benut. Daar word veral op oog-hand koördinasie gelet en die kinders ontvang baie oefening in taktuele werk. Leerlinge word aangemoedig om die kleins moontlike skrif te lees.

b. Dit is gebruiklik in die Belgiese skole vir swaksiendes om in die aanvangsjare groot skrif en lettertipes te gebruik wat geleidelik verklein word totdat die leerlinge in die vierde skooljaar gewoonlik gewone tikskrif en drukwerk kan lees. Die leerlinge wat nie daartoe in staat is nie skakel dan oor na braille as studiemedium. In België waar swaksiendes en blindes onder een dak op dieselfde terrein onderwys ontvang, bied hierdie praktyk van oorskakeling na 'n ander skryf- en studiemedium geen probleem nie.
Alle leerlinge begin aanvanklik deur drukskrif te skrywe en skakel geleidelik na gewone skrif oor, ofskoon nie nood= wendig op dieselfde stadium nie.

c. Dit is opvallend watter prominensie in België verleen word aan die onderrig van die swaksiende meisie in gesinsorg en kinderversorging. Veral meisies wat nie teoreties-akade= mies of beroepskundig kan vorder nie, ontvang praktiese opleiding in Huishoudkunde, Naaldwerk, Masjienbreiwerk,

eenvoudige Tikskrif, Musiek, Wassery, Kinderversorging en verskillende vorms van handwerk. Die onderrig en aanbieding is daarop toegespits om die swaksiende meisie skoling in die taak van huisvrou te gee.

d. Tydens besoeke aan skole vir swaksiendes in België, het dit die skrywer opgeval dat daar dikwels van 'n opdragstelsel, soos in die projekmetode gebruik gemaak word. Leerlinge lewer hulle werk op kaarte in wat nagesien, geevalueer en geliasseer word. Handboeke neem 'n baie ondergeskikte plek in. Onderwysers stel dikwels self handboeke saam waarin daar spesifiek met die swaksiende se onderwysbehoeftes rekening gehou word. Hierdie handboeke neem dikwels die vorm aan van 'n werkboek vir die kinders.

e. 'n Groot verskeidenheid onderwyshulpmiddels en onderwysapparaat is in skole vir swaksiendes aangetref, waarvan die volgende die opvallendste was:

1. Klaskamers is toegerus met spesiale beligting waarvan plafonligte die mees algemene was. Die ligte kon deur die leerlinge afgetrek word tot naby die banke en die intensiteit kan verstel word om by indiwiduele behoeftes te pas.
2. Skoolprogramme word vanaf die kommersiële televisie op die videoband vasgelê en dan vir die leerlinge teruggespeel.
3. Saam met die konvensionele swartbord word die magnetiese bord gebruik vir die aanplak van letters en sinne.
4. Die oorhoofse projektor, filmprojektor en skyfieprojektor word algemeen gebruik.
5. Leerlinge word in sommige gevalle van oorfone voorsien om na bandopnames te luister, sonder dat die res van die klas gesteur word.
6. Vergrote Aardrykskundekaarte word algemeen gebruik.
7. Klein en groot bandmasjiene vir diktofoontik. Laasgenoemde tipe is met voetkontrole toegerus.
8. Moderne telefoonskakelborde vir die opleiding in telefonie.
9. 'n Taallaboratorium vir die aanleer van die tweede, derde en vierde taal.
10. Rekentelevisie en breukemasjiene. Hierdie is uiters

gesofistikeerde elektroniese apparaat met verligte skerms, wat vir die onderrig van Rekenkunde aangewend word.

f. Die besondere onderwysmetodieke in telefonie-opleiding aan die Koninklijke Instituut te Woluwé, Brussel verdien enkele opmerkings.

Daar word by hierdie opleiding in besonder gelet op ge=dragsvorming en maatskaplike optrede van die telefonis. Geheueskoling deur middel van die assosiatiewe metode word beoefen. Leerlinge word veral onderrig in die korrekte wyse van omgang en kommunikasie met die publiek, kollegas en onderwysers.

'n Studie word gemaak van die gebruike in verskillende industrieë en die besigheidsektor. Leerlinge word geskool in stenografie wat ook die afneem van boodskappe insluit. Bandopnames van oproepe wat deur die telefonis gehanteer is, word krities ondersoek en waar moontlik verbeter. Telefoniste moet ook standaardantwoorde in vier tale (Vlaams, Frans, Engels en Duits) magtig wees en die internasionale kode vir die letters van die alfabet ken. Telefoniste ontvang ook onderrig in sekere wette soos onder andere die Ongevallewet, en Arbeidswette wat op die land betrekking het.

iv. Wes-Duitsland

Met betrekking tot aanbieding en hulpmiddels in die onderwys van swaksiendes is daar 'n groot parallel tussen die voorafgaande lande en Wes-Duitsland.

Die Wes-Duitse skole vir swaksiendes maak deurgaans van 'n ryke verskeidenheid onderwyshulpmiddels gebruik en die or=ganisasie van die onderwys is op besondere klein klasse inge=stel, sodat die aanbieding grootliks indiwidueel is.

Besondere aandag word aan die beplanning en ontwerp van skoolgeboue bestee ten einde te verseker dat die skool fisies, byvoorbeeld met betrekking tot beligting en uitleg, aan die swaksiende se behoeftes sal voorsien. 'n Verskeidenheid van apparaat vir die benutting van die tassin, word deur die skole gebruik. Apparaat en visuele onderwyshulpmiddels wat in

skole vir swaksiendes teengekom was, sluit onder meer die volgende in: Reliëfkaarte van hout en plastiek, modelle, strokiesfilms, skyfies, grootdrukboeke, vergrootglase - sommige met ingeboude ligte, verligte skryfborde vir die onderwysers, soos in die Sonderschule in Duisburg, wat uit 'n verligte skerm bestaan waarop die onderwyser met swart kryt skryf en ook vir projeksies gebruik kan word, taallaboratoria, beeldradio - beide toekring- en ope-baan met die nodige beeldradiostelle in klaskamers, grootdrukapparaat, plate, interkomstelsels, potte=bakkery-uitrusting, spesiaal ontwerpte en toegeruste laborato=ria met die swaksiende kinders se behoeftes in gedagte en verskillende tipes liniëring van skrifte. Diverse vergrote landkaarte word deur die personeel voorberei waarop leerlinge die gegewens soos stede, riviere, berge en so meer self moet aanbring.

Die skole beskik oor hoëtrou radio- en platespelers, fotografiese lokale en laboratoria vir die beoefening van fotografie as stokperdjie deur die kinders.

Op die gebied van onderwyshulpmiddels en spesiale appa=raat is die Wes-Duitse skole kwantitatief en kwalitatief so goed toegerus as waartoe die moderne tegnologie in staat is. Die materiële welvaart van die na-oorlogse Bundesrepubliek word ook weerspieël op die wyse waarop geen onkoste ontsien word om in die onderwysbehoeftes van die gesigsgestremde te voorsien nie.

## 4.5 EVALUERING, BEVORDERING EN SERTIFIKAATUITREIKING IN SKOLE VIR SWAKSIENDES

### 4.5.1 Evaluering, bevordering en sertifikaatuitreiking in skole vir swaksiendes in die R.S.A. 33

Die tradisionele toetssisteem oor korter werkstukke en formele eksamens is die belangrikste meetinstrumente vir skolastiese prestasie aan beide die Prinshofskool vir Swak=siendes en die Skool vir Blindes te Worcester.

---

33. Kyk Bylae A, vrae 2.37, 2.42, 2.44 en 2.46.

Aan die Prinshofskool is die prosedure dat evaluering van skolastiese werk aan die einde van die eerste en derde kwartale (Maart en September) slegs op toetspunte gebaseer word. In die tweede en vierde kwartale (Julie en November) word formele eksamens afgeneem, gebaseer op skriftelike en mondelinge werk.

In die primêre afdeling word die eksamen geheel intern afgeneem. Die onderwysers stel die vraestelle op en sien dit na.

Sedert 1968 is die standerd 6- en standerd 7-eksamen geheel en al intern en word ook die antwoordstelle nie deur die Departement gemodereer nie.

In standerds agt en nege word die vraestelle deur die personeel van die skool opgestel en die antwoordstelle ook deur hulle nagesien. Beide die vraestelle en die antwoordstelle word dan deur die Departement gemodereer.

Standerd tien word as 'n eksterne eksamen deur die Departement van Nasionale Opvoeding afgeneem. Die leerlinge ontvang die gewone vraestelle soos deur die eksaminatore vir die gewone skole opgestel. Die eksamen word aan die skool onder strenge toesig geskryf en die antwoorde word deur die eksterne eksaminatore van die Departement nagesien.

In die sekondêre afdeling in die besonder, is die eksamenpunt die hoofkriterium vir bevorderingsdoeleindes. Daar word hoofsaaklik daarvolgens bepaal of 'n leerling in die standerd slaag, al dan nie. Daar word egter wel uitsonderings vir buitengewone omstandighede gemaak, soos byvoorbeeld:

1. Wanneer 'n leerling se prestasie in die eindeksamen besonder swak sou vergelyk met sy prestasie gedurende die jaar, dit wil sê as daar iets radikaals verkeerd sou gaan met die leerling se skolastiese prestasie in die eindeksamen.
2. Wanneer 'n leerling die eksamen glad nie, of gedeeltelik nie kan skryf nie, word sy prestasie deur die loop van die jaar ook in aanmerking geneem met die oog op bevordering.

Die enigste differensiasie binne hierdie rigide en tradisionele metode wat vir evaluering van swaksiende leerlinge

toegepas word, is dat daar amptelik addisionele tyd vir beant=woording van vraestelle in die eindeksamen in standerd tien toegeken word, te wete 15 minute ekstra tyd vir elke uur wat die vraestel duur. Dit geld vir alle vakke behalwe Engels Hoërgraad en Natuurwetenskap, in welke geval die addisionele tydstoekenning 'n half uur per uur is.

In die laer primêre afdeling van die Prinshofskool vir Swaksiendes geskied bevordering in 'n groot mate volgens die diskresie van die skoolhoof en personeel en word daar in die besonder gelet op die leerling se prestasie in Afrikaans, Engels en Rekene. In graad een tot standerd een word die slaagvereiste op 55 persent gemiddeld gestel en vanaf standerd twee tot standerd vyf word 'n gemiddelde persentasie van 50 vir slaagdoeleindes gestel.

Afgesien van oorwegings met betrekking tot die prestasie van die leerlinge gedurende die jaar en in die eksamen, word daar in die geval van 'n swak eksamenpunt ook ander aspekte in die primêre afdeling in aanmerking geneem. In hierdie geval is die leerling se chronologiese ouderdom 'n belangrike faktor. Indien 'n leerling reeds twee of meer jare ouer as die gemiddelde ouderdom van die klas is, sal hy waarskynlik bevorder word, indien sy skolastiese prestasie nie té ver onder die vereiste peil is nie.

Indien 'n leerling vir lang tydperke as gevolg van siekte of operasies afwesig was, of laat in die skooljaar vanaf 'n gewone skool na die skool vir swaksiendes oorgeplaas is, sal dit by bevordering in aanmerking geneem word.

Die oogkondisie en prognose is ook faktore wat nie uit die oog verloor word by bevordering nie. Soms word selfs die ouers van 'n leerling in die saak geken alvorens 'n finale beslissing geneem word.

Aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blin=des te Worcester, word dit pertinent gestel dat daar veral in die primêre afdeling gepoog word om in die eksamen te differen=sieer in die sin dat die vraestel in 'n stygende graad van moeilikheid opgestel word, sodat ten minste al die leerlinge

een-derde van die vraestel kan beantwoord, twee-derdes deur die middelgroep en in geheel deur die mees intelligente groep.

In die sekondêre afdeling is daar geen verskil ten aansien van toetsing of eksamens van blindes en swaksiendes nie en word die eksamens afgeneem soos aan die Prinshofskool en in ooreenstemming met departementele voorskrifte soos van toepassing op skole vir buitengewone onderwys.

In die eerste en derde kwartale word slegs toetse oor korter werkstukke geskryf, terwyl daar in die tweede en laasge kwartale formele eksamens geskryf word.

In die eksterne standerd tien-eksamen word dieselfde konsessie met betrekking tot addisionele tydstoekenning gemaak as wat aan die Prinshofskool die geval is.

Met die oog op bevordering van leerlinge, word daar aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool te Worcester 'n jaarpunt en 'n "geheelbeeld" van die leerling deur die skool opgebou, wat deeglik in aanmerking geneem word wanneer bevordering ter sprake kom en 'n leerling in 'n eindeksamen swak sou presteer.

Dit word deur die skool as pedagogies onverantwoordbaar beskou om die kind op grond van 'n enkele formele eksamen te penaliseer, want daar word geredeneer dat veral in die geval van labiele kinders hulle dikwels in duie stort as hulle in 'n emosionele belaaide situasie, soos 'n eksamen, beland.

In die sekondêre afdeling, waar die Departement van Nasionale Opvoeding finale bevordering en druiping van leerlinge moet behartig, maak die skole vir swaksiendes nog 'n aanbeveling aan die Departement op grond van die skool se kennis van die leerling wat oor 'n lang tydperk opgebou is.

Die amptelike voorwaardes om in 'n spesifieke eksamen te slaag (standerds VI-X) en die amptelike uitreiking van die betrokke sertifikate is vervat in paragrawe 4.1.1 tot 4.1.5.

Differensiasie met betrekking tot die uitreiking van sertifikate bestaan daarin dat 'n sertifikaat geëndosseer word met die verskillende aantal vakke wat 'n leerling geslaag het.

So byvoorbeeld word 'n standerd ses-sertifikaat geëndosseer vir vier, vyf of ses vakke en standerd sewe- en agtsertifikate vir vyf, ses of sewe vakke.

In die geval van swaksiende leerlinge wat die vakafdeling aan die Skool vir Blindes deurloop het, reik die skool self 'n nie-amptelike sertifikaat uit. Wanneer 'n leerling nie volwaardig in 'n kursus kan slaag nie, dan reik die skool 'n verklaring uit waarin gespesifiseer word dat hy die opleiding voltooi het, tot sover as hy in staat was. Hierdie verklaring word deur die Departement van Arbeid aanvaar met die oog op die ontvangs van 'n pensioen.

In die geval van 'n leerling in die akademiese afdeling, wat nie aan die amptelike slaagvereistes kan voldoen nie en die skool tog oortuig is dat hy die standerd ses-peil bereik het en nie meer skoolpligtig is nie, word daar 'n gesertifiseerde verklaring deur die skool aan hom uitgereik waarin vermeld word dat hy in spesifieke vakke geslaag het. Hierdie verklaring is egter geen amptelike sertifikaat nie.

### 4.5.2 Evaluering, bevordering en sertifikaatuitreiking in skole vir swaksiendes in enkele oorsese lande

#### 4.5.2.1 Nederland[34]

Ofskoon formele eksamens by enkele skole vir swaksiendes in Nederland bestaan, word dit in die meeste gevalle slegs as 'n evalueringskriterium op sekere oorgangstadia in die onder=wys toegepas soos aan die einde van die Laer Algemeen Voort=gesette Onderwys (LAVO), die Middelbare Algemeen Voortgesette Onderwys (MAVO) en die Hoër Algemeen Voortgesette Onderwys (HAVO).

Oor die aangeleentheid van eksaminering gee P.S.N. Oost, Direkteur van die Prins Alexander Stichting in Zeist, die volgende verduideliking:

"Alle examens die de leerlingen moeten afleggen te eniger tijd, zijn officiele examens. Ze worden niet op school afge=nomen. Er worden geen verzachtende omstandigheden geschapen

---

34. Kyk Bylae D, vrae 24 en 25.

voor onze leerlingen die aan deze examens deelnemen."[35]

Aan die skole vir swaksiendes vind daar aan die einde van die basisskool (primêre skool) 'n duidelike baanverdeling plaas op ongeveer 12-jarige leeftyd en dan word leerlinge ge-evalueer met die oog op 'n studierigting wat in hoofsaak algemeen akademies, handels of tegnies georiënteerd is. Hierdie evaluering geskied deur 'n paneel wat bestaan uit die direkteur (skoolhoof), verteenwoordigers van die doserende personeel, die oogarts, die skoolsielkundige en 'n maatskap=like werker(ster) indien die skool oor die dienste van een beskik.

Leerlinge word nie gelyktydig op 'n bepaalde tydstip bevorder nie, maar volgens die oordeel van die genoemde paneel wanneer die leerling gereed is vir die volgende hoër klas. Evaluering, prestasiemeting en bevordering is interne aange=leenthede by elke skool en die prosedures in die verband wissel van skool tot skool.

Aan die Prins Alexander Stichting vind daar nie 'n syfer=matige evaluering plaas nie, maar daar word op bepaalde tye in die basisafdeling "momentopnames" gemaak ten opsigte van mega=niese leesvaardigheid en rekenvordering deur geykte toetse. Aan die einde van die basisonderwys geskied daar evaluering en diagnostisering deur die Sentrale Instituut vir Toetsontwikke=ling. Hierdie is 'n toets op nasionale vlak vir alle leer=linge om die skolastiese stand aan die einde van die primêre skool so eksakt moontlik te bepaal. Die toetse word aan die skool afgeneem en te Arnhem verwerk.

Die leerling se skolastiese stand word ge-evalueer en dit dien terselfdertyd ook as 'n aanlegtoets wat die tendens van die studierigting aandui waarin 'n leerling in die Middel=bare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO) gekanaliseer word.

Aan die einde van die MAVO word 'n openbare "staats=examen" vir alle leerlinge van alle skole afgeneem, maar die aflegging van die eksamen deur swaksiendes is vrywillig.

---

35. Prins Alexander Stichting. Jaarverslag 1965-1966, p.26.

Om egter die diploma te bekom, wat deur die skool aan sukses=volle kandidate uitgereik word, moet die swaksiende leerlinge hierdie eksamen onder dieselfde voorwaardes as die leerlinge aan gewone skole aflê. Op die diploma word die ses vakke aangedui wat die leerling vir sy "vakkepakket" gekies het en al ses vakke moet gelyktydig geslaag word om die diploma te verwerf. Skole reik geen sertifikate uit nie.

Daar bestaan dus op hierdie onderwysvlak geen gedifferen=sieerde eksaminering of sertifikaatuitreiking in Nederland nie. Die enigste differensiasie in die verband is die diversiteit van vakke waaruit die "vakkepakket" gekies kan word en wat in 'n redelike mate voorsiening maak vir die swaksiende se aan=leg en belangstelling.

4.5.2.2 Engeland[36]

Die tradisionele formele eksamen soos in die R.S.A. bekend, wat kwartaalliks, halfjaarliks en jaarliks afgeneem word, word in weinig gevalle in skole vir swaksiendes in Engeland afgelê.

Evaluering deur middel van formele eksamens geskied wel op 'n stadium wanneer leerlinge vir voortgesette studie aan die einde van die primêre skool na gewone skole oorgeplaas word.

Mnr. Wright, hoof van die John Aird School in Londen, verduidelik dat evaluering nie volgens 'n vaste voorgeskrewe patroon geskied nie. 'n Algemene evaluering word van die leerlinge gemaak, blykbaar 'n algemene indruk gegrond op die onderwysers se kennis van die leerlinge oor 'n lang tydperk - 'n sogenaamde "general assessment", wat ook op "krediete" berus wat die leerlinge deur die loop van die jaar verwerf het. Daar word toegee dat 'n eksamen by tye (occasionally) afgeneem mag word net met die doel om vas te stel of die onderwysers en skoolhoof se evaluering van die leerlinge getrou is. Die onderwyser sien die leerlinge se werk daagliks en sien sy ontwikkeling en vorming en besef wanneer dit tyd is om hom na die volgende klas te bevorder. Die gevolg is dat bevordering nie gelyktydig of op spesifieke tye plaasvind nie, maar

---

36. Kyk Bylae C, vrae 23, 24 en 25.

wanneer 'n leerling gereed is daartoe en ook wanneer 'n vaka= ture in 'n volgende klas ontstaan. Die hele evaluering- en bevorderingstelsel gee die indruk van 'n losse, informele aan= geleentheid. Dit hou egter die meriete in dat hier werklik sprake van differensiasie is, gebaseer op die tempo waarteen elke leerling werk en ooreenkomstig sy indiwiduele vermoëns.

Die skool laat wel leerlinge aan die einde van hulle skoolloopbaan toe (in die 10de klas en op ± 16-jarige leeftyd) om 'n ekstra formele eksamen te skryf met die oog op die ver= werwing van die Certificate of Secondary Education (C.S.E.), terwyl die General Certificate of Education (G.C.E.) slegs in enkele vakke afgelê word. Die leerling kan die eksamen oor 'n lang tydperk aflê in een vak op 'n keer. In die reël lê die leerlinge eksamen af in Engels, Wiskunde en Natuurkunde. Meisies neem gewoonlik Huishoudkunde. Hierdie eksamen word deur die University Board van Londen, Cambridge en Oxford opgestel en word deur alle leerlinge afgelê wat na die univer= siteit wil gaan. 'n Sekere aantal vakke moet op die gevorderde vlak (A-level) geslaag word en daar word geen konsessies vir swaksiendes gemaak nie, behalwe dat hulle ietwat langer tyd kry om die vraestelle te beantwoord.

Aan die Exhall Grange School in Coventry verduidelik die skoolhoof, mnr. Marshall, dat feitlik alle leerlinge aan sy skool die eksterne C.S.E.-eksamen aflê en dat slegs die leerlinge wat met 'n akademiese loopbaan, waaronder hy boek= houers, bankklerke, staatsamptenare en so meer insluit, wil aangaan, vakke vir die G.C.E. aanbied op die gewone vlak (Ordinary level), gevorderde vlak (Advanced level) en "Scholar= ship level".

Aan die Brooke Comprehensive School in Sheffield, word swaksiende leerlinge vanaf 11-jarige ouderdom toegelaat en hulle ontvang dan onderrig vir die Certificate of Secondary Education (C.S.E.) Daar word dan in vyf bane gedifferensieer waarvan die twee hoogste bane tot eksterne eksamens en voort= gesette opleiding lei.

Die oorgrote meerderheid swaksiende leerlinge verlaat die skole vir swaksiendes om gewone skole en tegniese kolleges

vir voortgesette onderwys by te woon, waar hulle die kurrikula van die betrokke inrigtings volg en die eksamens vir die onderskeie sertifikate of diplomas aflê.

4.5.2.3 België[37]

In die primêre afdeling van skole vir swaksiendes in België vind geen formele eksaminering plaas nie. Die onderwysers evalueer leerlinge op grond van die klaswerk gedurende die jaar.

In die sekondêre afdeling word formele eksamens twee of drie maal per jaar aan al die skole vir swaksiendes in België afgelê. Hierdie eksamens word egter intern gereël en gewoonlik in Junie en Desember geskryf. Laasgenoemde is 'n bevorderingseksamen.

Benewens die formele eksamens wat periodiek afgelê word, word daar ook van 'n stelsel van toetspunte gebruik gemaak, tesame met punte wat vir "dagwerk" gedurende die kwartaal of semester toegeken is.

Aan die einde van die swaksiende se skoolloopbaan word 'n formele eksamen deur die skool opgestel en afgeneem, wat deur die Homologasiekommissie gekontroleer kan word ten einde oor die standaarde van die onderwys te waak. Kontrolering deur hierdie kommissie geskied egter nie noodwendig elke jaar nie, maar slegs periodiek.

In sekere vakke soos Dactylografie wat in Brugge aangebied word, lê swaksiende kandidate die eksamen saam met kandidate van die gewone skole by 'n sentrale sentrum in Wes-Vlaandere af.

Diplomas en Brevéts word aan die einde van die skoolloopbaan deur die skool self uitgereik, maar aan die Departement van Nasionale Opvoeding vir bekragtiging voorgelê. Die Brevéts word in die geval van beroepsopleidingskursusse uitgereik. Die diploma staan ook bekend as 'n Gehomologeerde Diploma, dit wil sê dit word deur 'n skool uitgereik wat die nodige akkreditering van die Homologasiekommissie ontvang het

---

37. Kyk Bylae D, vrae 24 en 25.

om sodanige diploma aan 'n kandidaat uit te reik wat die laer siklus van die sekondêre onderwys voltooi het. Homologasie moet elke jaar opnuut deur alle skole aangevra word. Dit is inderdaad 'n toestemming wat aan skole gegee word om diplomas en sertifikate uit te reik vir daardie betrokke jaar. Die kommissie het dan die reg om so 'n skool se werk te kontroleer ten einde oor die peil en standaard van die werk kontrole uit te oefen. In die praktyk geskied so 'n kontrole nie elke jaar nie.

4.5.2.4 <u>Wes-Duitsland</u>[38]

Ofskoon daar nie absolute uniformiteit in Wes-Duitse skole vir swaksiendes bestaan ten opsigte van evaluering, bevordering en sertifikaatuitreiking nie, kan daar tog algemene tendense onderskei word waarvan die volgende die opvallendste is:

i. Formele eksamens soos in die R.S.A. bekend, word nie vir swaksiendes in Wes-Duitsland afgeneem nie, dit wil sê tot aan die einde van die Hauptschule (junior sekondêre skool). Leerlinge wat die Realschule-kursus en die Handelschule-kursus aan die skool vir swaksiendes in Hamburg volg, lê wel 'n amptelike eksamen aan die einde van die skoolloopbaan af.

ii. In die reël is die gebruik aan die skole vir swaksiendes dat 'n reeks klastoetse deur die jaar afgeneem word en die uitslag van hierdie toetse, tesame met evaluering van die huiswerk en werkstake, psigologiese toetse en algemene observasie, word gebruik om 'n "Gesamtbild" van die leerlinge op te bou. Aan die einde van die jaar beslis elke vakonderwyser saam met die skoolhoof of 'n leerling in 'n spesifieke vak slaag of nie. Daar is nie 'n kontrole deur 'n buitepersoon soos byvoorbeeld 'n inspekteur nie. Die skole besit dus veel groter selfstandigheid as wat die geval in die R.S.A. is waar die beslissings van skole weer deur die onderwysowerheid bekragtig moet word.

---

38. Kyk Bylae E, vrae 23, 24 en 25.

iii. 'n Leerling is verplig om die skool vir nege jaar lank by te woon, afgesien van watter onderwyspeil hy gedurende hierdie tyd bereik. 'n Leerling kan dus aan die einde van sy nege jaar skoolplig tot die sewende, agtste of negende klas bevorder wees, afhangende van sy eie ver= moëns en die tempo waarteen hy kon werk.

iv. Aan die Schule Borgweg in Hamburg, vind 'n baie deeglike evaluering van die leerlinge se werk aan die einde van die derde en sesde skooljare plaas. Die leerlinge se prestasie in elke vak word ge-evalueer aan die hand van 'n progressiewe syferskaal van 1 tot 6, waarvan die syfer 4 as 'n slaagpunt gereken word. 'n Prestasie= syfer van 3 of minder beteken dat 'n vak herhaal moet word. Die leerling herhaal nie die hele standerd nie maar slegs die vakke waarin hy gedruip het. Gedurende hierdie tyd ontvang hy addisionele hulp en kan selfs, indien dit wenslik blyk te wees, in 'n ander studie= rigting gekanaliseer word. So byvoorbeeld sal 'n leer= ling wat in die tale swak presteer, aangeraai word om 'n handelsrigting te volg aan die skool waar tale slegs op 'n kommersiële basis aangebied word. In Duisburg, aan die Sonderschule für Sehbehinderte word daar van die leerling verwag om in sy hoofvakke goed te presteer. As 'n leerling in die drie hoofvakke 'n swak skolastiese prestasie toon, moet hy die hele standerd herhaal.

v. Na voltooiing van die skoolloopbaan kan daar verskillende sertifikate aan die swaksiende uitgereik word, afhangende op welke stadium die leerling die skool verlaat. Die sertifikate word deur die skool uitgereik en nie deur 'n beheerliggaam nie. Die sertifikate word op 'n nasionale basis in 'n spesifieke "Land" erken en daar word ge= differensieer in die sin dat die prestasie in elke vak met die syferwaarde 1 tot 6 aangedui word.

vi. Na voltooiing van die Hauptschule, dit wil sê aan die einde van skoolplig, word 'n skoolverlatingsertifikaat uitgereik wat as 'n "Abgangszeugnis" bekend staan, om te verklaar dat die leerling sy skoolplig voltooi het en tot welke stadium hy skolasties in elke vak gevorder het.

vii. 'n Volgende sertifikaat wat as 'n "Abschlusszeugnis" bekend staan, word uitgereik as 'n leerling die peil van die tiende skooljaar bereik het. Hierdie sertifi= kaat word op twee vlakke uitgereik, te wete 'n "Abschlusszeugnis I" of "Abschlusszeugnis II". Eers= genoemde sertifikaat dui aan dat die leerling toelating tot die 11de of laaste skooljaar van die Realschule verkry, indien hy sy studies daar sou wou voortsit. Die sertifikaat op die tweede vlak dui slegs aan dat die leerling die eindpeil van die Sonderschule bereik het sonder toelating tot die 11de klas van die Realschule.

viii. Aan die Schule Borgweg in Hamburg, waaraan 'n Real= schule-afdeling verbonde is, lê die leerlinge 'n formele eksamen aan die einde van die tiende jaar af en verwerf die "Mittlere Reife"-sertifikaat. Hierdie sertifikaat gee aan die leerling toelating tot die Handelschule, die Gymnasium of 'n Fachschule, dit wil sê toelating tot voortgesette onderwys in 'n akademiese, handels- of beroepsrigting.

Op hierdie genoemde sertifikaat word die prestasie in die vakke deur die syferwaardes 1, 2, 3, 4, 5 of 6 aangedui. As die leerling in een van sy hoofvakke 'n persentasiepunt van minder as 4 behaal, sal hy nie in die eksamen slaag nie. Hy moet ook in Duits en Wiskunde as verpligte vakke slaag.

## 4.6 KRITIESE EVALUERING

### 4.6.1 <u>Algemeen</u>

In die hoofstuk is daar 'n oorsig gegee van die in= houdelike van die onderwyspraktyk aan swaksiendes in die R.S.A., Engeland, Nederland, België en Wes-Duitsland met besondere verwysing na aangeleenthede soos kurrikula, ver= pligte en keusevakke, groepering van swaksiende leerlinge, aanbieding en hulpmiddels in die onderwys, evaluering, bevor= dering en sertifikaatuitreiking. Daar word hoofsaaklik op hierdie besondere oorsese lande gelet omdat die onderwys= patroon vir swaksiendes in hierdie lande organisatories in 'n meerdere of mindere mate 'n basiese ooreenkoms vertoon, te

wete dat swaksiendes in afsonderlike skole onderwys ontvang. By die aanvang van die hoofstuk is die Verenigde State van Amerika ook kortliks by wyse van toeligting betrek slegs om aan te toon dat die swaksiende leerling hier in die gewone onderwys ge=integreer is en daar in die breë opset van die onderwys en in die skole nie spesifiek in die eerste instansie vir die onderwysbehoeftes van die swaksiende beplan word nie.

Dit is duidelik uit die oorsig van die praktyke en in=houdelike van die onderwys vir swaksiendes dat daar groot versigtigheid aan die dag gelê moet word voordat van die onderwyspraktyk van 'n spesifieke land gepraat word, te meer nog van die buitengewone onderwyspraktyk. Selfs in lande met sentrale onderwysbeheer word daar uiteenlopendheid in die onderwyspraktyk tussen provinsies en indiwiduele skole onderling aangetref. In lande soos byvoorbeeld Engeland waar daar nie 'n koördinerende liggaam bestaan nie, maar slegs breë statutêre voorskrifte met betrekking tot die voorsiening van buitengewone onderwys deur die Local Education Authorities, kan die diversiteit wat in die onderwys van swaksiendes be=staan, die indruk van 'n ongeordende chaos gee.

4.6.2 <u>Kurrikula en studiekursusse</u>

Soos onder paragraaf 4.3 uiteengesit, is die primêre leemte in die kurrikula en studiekursusse vir swaksiendes in die R.S.A. dat daar weinig gedifferensieer word met betrekking tot die vermoë en aanleg van swaksiendes. Die huidige onder=wysprogram vir swaksiendes, veral in die sekondêre afdeling is oorwegend akademies georiënteerd, met 'n beperkte vak- en kursuskeuse wat nie voorsiening maak vir volwaardige tegniese, handels- of beroepsopleiding van die swaksiende leerlinge nie.

As daar op die probleme gelet word om swaksiende skool=verlaters suksesvol in beroepe geplaas te kry,[39] en die differensiasie wat daar byvoorbeeld in skole vir swaksiendes in België met betrekking tot studierigtings vir swaksiendes bestaan, dan word dit duidelik dat die situasie in die R.S.A. ernstig in heroorweging geneem moet word. Daar moet in die

---

39. Kyk hoofstuk 5, paragraaf 5.2.6.3.

beplanning van die onderwys vir swaksiendes kennis geneem word van veranderde en steeds veranderende onderwysbehoeftes van die swaksiendes.

Dit is duidelik dat daar vir die intellektueel-normaalbegaafde en besonderlik vir die minderbegaafde swaksiende beter moontlikhede in die beroepswêreld bestaan as hy op skool reeds, benewens die algemene vorming in die onderwys, ook basiese opleiding van 'n meganiese, klerklike, handels- of teniese aard gehad het.

Die beswaar was deur beroepsplasingsbeamptes in die R.S.A. tydens hierdie ondersoek geopper dat die swaksiende moeilik in 'n betrekking geplaas kan word omdat die aard van sy skoolopleiding van so 'n vae algemene aard was, dat hy maar in die eerste die beste betrekking geplaas word waar 'n simpatieke werkgewer daartoe bereid was.[40] Hierdeur word nie bepleit dat die swaksiende leerling suiwer beroepsopleiding ten koste van die algemene vormende onderwys moet geniet nie, maar dat die huidige beperkte, algemeen akademies-georiënteerde kurrikulum van die skool vir swaksiendes in die R.S.A. hersien moet word in die lig van die spesifieke gedifferensieerde onderwysbehoeftes van die swaksiende en die grondslae van differensiasie ooreenkomstig die indiwidu se aanleg en vermoëns. In die geval van die swaksiende moet daar van sy liggaamlike belemmering en sy beroepsmoontlikhede deeglik kennis geneem word.

Die kritiek teen die huidige kurrikulum van die skool vir swaksiendes in die R.S.A. is nie slegs teen die gebrek aan diversiteit gemik nie, maar ook teen die feit dat daar so weinig oorweging geskenk word aan meer prakties georiënteerde inhoude vir minderbegaafde swaksiende leerlinge wat nie die teoretiese skoolprogram kan volhou nie, maar nie as verstandelik vertraag beskou kan word nie en nie noodwendig uiteindelik in beskutte arbeid geplaas hoef te word nie.

Sedert 1955, na die aanbevelings van die Van Wyk-komitee, word daar reeds in die gewone onderwys in die Transvaal

40. Kyk Bylae B, vraag 12.

intensief beplan vir gedifferensieerde onderwys in die kompre= hensiewe skool en in 1958 het die eerste groep leerlinge reeds die nuwe gedifferensieerde middelbare kursusse begin.[41] Gesien in die lig van die voorsiening wat daar in die gewone onderwys vir gedifferensieerde kurrikula en sillabusse gemaak word, is dit soveel meer pedagogies verantwoordbaar dat soort= gelyke, ofskoon nie identiese, voorsiening vir die onderwys van die swaksiende gemaak word.

4.6.3 Aanbieding en groepering

Dit het uit die ondersoek geblyk dat die ideale situasie met betrekking tot die aanbieding van die leerstof aan die swaksiende op 'n indiwiduele basis behoort te geskied en om dit in die praktyk moontlik te maak moet swaksiende leerlinge in klein groepe op grond van intelligensie, skolastiese pres= tasie en ouderdom gegroepeer word. Binne so 'n klein groep kan daar dan volwaardige gedifferensieerde aanbiedingsmetodes toegepas word volgens elke swaksiende se fisieke en skolas= tiese behoeftes. Wat besonder betekenisvol in so 'n klas= situasie is, is dat elke leerling teen sy eie tempo kan werk sonder om inbreuk op die res van die klas te maak.

In die onderwyspraktyk op plaaslike vlak word daar na die bogenoemde ideaal gestrewe, ofskoon dit nie altyd uitvoer= baar is nie as gevolg van faktore soos 'n tekort aan addisio= nele personeel en klaskamerruimte. Daar behoort daadwerklike aandag gegee te word aan die uitbreiding van onderwysgeriewe vir swaksiendes beide in die noorde en die suide van die land. Die Prinshofskool vir Swaksiendes het reeds sy optimum bereik met betrekking tot die aantal swaksiende leerlinge wat doel= treffend vir onderwysdoeleindes gehuisves kan word. Indien die skool meer leerlinge moet huisves as waarvoor dit oor= spronklik beplan en ontwerp is, moet die klasgroepe noodwendig vergroot word weens gebrek aan klaskamerruimte, en word op= voedkundige beginsels aan monetêre en fisiese oorwegings opgeoffer. As gevolg van hierdie gebrek aan onderwysfasili= teite ontstaan daar die pedagogies onverantwoordbare situasie aan die Worcesterse Skool vir Blindes dat die swaksiendes en blindes in die sekondêre afdeling van die skool saamgegroepeer

41. Venter, H.C.A. 'n Vergelykende studie van die sekondêre onderwysvernuwing in enkele Westerse lande en die R.S.A. in die na-oorlogse jare, p.205.

word. Hierdie situasie lei op sy beurt weer daartoe dat die swaksiendes in die onderwysaanbieding skade ly omdat daar nie vir die twee kategorieë gestremdes gelyktydig deur twee verskillende media (braille en visueel) doeltreffende onderwys aangebied kan word nie.

4.6.4 Hulpmiddels in die onderwys van swaksiendes

Die ryke verskeidenheid van onderwyshulpmiddels wat daar in die onderwys van swaksiendes gebruik word is een van die basiese redes wat afsonderlike skole vir swaksiendes regverdig.

Dit was deurgaans gedurende hierdie ondersoek ondervind dat in die skole vir swaksiendes in die R.S.A. en in die oorsese lande, onderwysers die waarde van die optiese hulpmiddels en die aanwending van apparaat in die klassituasie besef. Die groot verskeidenheid en soms baie duur en hoogs gesofistikeerde apparaat kan beswaarlik in 'n gewone skool tot die swaksiende se beskikking gestel word.

Wat die aard en die verskeidenheid van apparaat betref, is daar uiteenlopendheid, maar ook groot ooreenkomste aangetref. In hierdie opsig vergelyk die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria gunstig met die beste oorsese skole wat besoek is. In Wes-Duitsland, in besonder aan die skole vir swaksiendes in Duisburg en Hamburg, was die onderwyshulpmiddels en -apparaat omvangryk, doeltreffend en duur.

Die feit dat aan die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria, sowel as aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Worcesterse Skool vir Blindes, van toekringtelevisie en die videoband as onderwyshulpmiddels gebruik gemaak word, getuig daarvan dat hierdie skole die besondere onderwysbehoeftes van die swaksiende op dié gebied so belangrik ag, dat daar op eie inisiatief oorgegaan is tot die aankoop van hierdie duur en tegnies hoogs gesofistikeerde apparaat.

Die sukses wat met hierdie onderwyshulpmiddel behaal word, noodsaak dit dat daar van onderwysowerheidsweë ruimskoots bygedra behoort te word om hierdie inisiële uitrusting aan te vul.

'n Besondere leemte wat in die plaaslike skole vir swaksiendes bestaan op die gebied van onderwyshulpmiddels is die gebrek aan tegniese personeel. Dit is 'n behoefte aan die skole dat daar 'n tegniese assistent op die permanente diensstaat sal wees wat belas is met die onderhoud van al die onderwysapparaat aan die skool, soos wat aan die Exhall Grange School in Engeland aangetref was.

Aan laasgenoemde skool in Coventry is daar twee sodani=ge assistente om die nodige voorligting aan onderwysers te gee oor die gebruik van tegniese onderwyshulpmiddels, sowel as die opstel en instandhouding daarvan, wat 'n voltydse werk=saamheid aan 'n skool vir swaksiendes is.

In verband met die aangeleentheid van onderwyshulp=middels vir swaksiendes, was daar uiteenlopende beskouinge teengekom met betrekking tot die gebruik van grootdruk versus Braille. In Suid-Afrika word ruimskoots van grootdruk ge=bruik gemaak vir leerlinge wat nie gewone druk kan lees nie, terwyl in die meeste oorsese lande die standpunt is dat as 'n leerling gewone druk nie doeltreffend deur middel van optiese hulp kan lees nie, hy moet oorskakel na braille as studie=medium.

Oor die meriete van elk van hierdie gebruike is die laaste woord onder ortopedagoë nog nie gespreek nie. Daar behoort verdere navorsing op hierdie gebied ingestel te word, om vas te stel of swaksiende leerlinge met 'n swak prognose van die oogkondisie en leerlinge wat gewone skrif nie deur middel van optiese hulp kan lees nie, nie braille as 'n ver=pligte vak moet neem nie.

Omdat daar nie onderwysgeriewe vir blanke blinde kinders na graad II in die noorde van die R.S.A. bestaan nie, moet swaksiende leerlinge wat op 'n gevorderde stadium in hulle skoolloopbaan na braille as studiemedium moet oorskakel, na Worcester oorgeplaas word. So 'n stap gaan met groot fisiese, emosionele en skolastiese ontwrigting vir die leerling gepaard en in die reël verlaat kinders eerder die skool om te gaan werk. Wanneer 'n leerling op so 'n laat stadium moet oor=skakel na braille as studiemedium neem dit hom in die reël

van ses maande tot een jaar om die skolastiese agterstand in te haal.

Die voorstanders van braille huldig die standpunt dat daar in die maatskappy buite die skool nie voorsiening gemaak word vir grootdruk as lees- en studiemedium nie, terwyl daar uitgebreide braille-fasiliteite in die verband bestaan.

4.6.5 Evaluering en bevordering

Uit die oorsig van evaluerings- en bevorderingspraktyke in skole vir swaksiendes was dit duidelik dat daar uiteen=lopende praktyke in verskillende lande bestaan en selfs tussen skole onderling in dieselfde land.

Met die oog op bevordering van swaksiende leerlinge tot 'n volgende klas of standerd word daar in oorsese lande nie die oordrewe waarde geheg aan die formele eksamens soos wat die geval in Suid-Afrika is nie.

Daar vind in die oorsese lande wel kontrole van skolas=tiese prestasie plaas, maar dan neem dit die vorm van klas=toetse aan of 'n puntetoekenning vir klaswerk of "dagwerk".

Aan die einde van 'n leerling se skoolloopbaan of op oorgangstadia in die onderwys, byvoorbeeld van die primêre na die sekondêre onderwys, vind daar egter in die meeste lande 'n formele eksamen plaas, byvoorbeeld die Certificate of Secon=dary Education en General Certificate of Education in Engeland, die "Staatsexamen" in Nederland en die eksamen vir die Gehomologeerde Diploma in België.

Teen die strenge formele eindeksamen wat leerlinge in die R.S.A. aflê, met die bewaking van die standaarde deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir universiteitstoelating, het daar reeds in die R.S.A. baie stemme opgegaan, sodat daar in die gewone onderwys in die Transvaal al met interne eksami=nering geëksperimenteer is.

Daar bestaan ernstige bedenkinge teen dié vorm van evaluering omdat die formele eksamen aan baie gebreke mank gaan, waarvan maar enkele is dat daar nie uniforme standaarde van jaar tot jaar gehandhaaf word nie en dat daar kunsmatige

manipulering van statistieke is omdat die resultate aan 'n sekere statistiese patroon moet beantwoord. Die formele eksterne eksamen oefen 'n negatiewe invloed op die onderwys uit omdat die eksamen 'n doel op sigself word en leerlinge "afgerig" word vir die eksamen. Organisatories en adminis= tratief neem die formele eksamen baie tyd in beslag wat aan die onderwys van die kind bestee kon gewees het. Eienskappe soos selfwerksaamheid, wetenskaplikheid, oorspronklikheid en werksingesteldheid en so meer, kan beswaarlik deur 'n eksamen gemeet word waar 'n leerling onder groot spanning en druk binne 'n beperkte tyd 'n groot massa geassimileerde leerstof moet reproduseer.

'n Leerling se prestasie oor die jaar of jare word deur 'n formele eksamen op die agtergrond geskuif. Die moontlike voordele verbonde aan 'n formele eksamen as evalueringsmedium word deur die nadele daaraan verbonde oortref.

'n Verdienstelike alternatiewe praktyk wat daar in Nederland, Engeland en Wes-Duitsland gevolg word, is die opbou van 'n "Gesamtbild" van die leerling. Hierdie globale indruk wat die onderwyser en skool van 'n leerling oor 'n lang termyn gedurende sy skoolloopbaan op diverse vlakke van skoolwerk= saamhede opbou, moet noodwendig groter gewig dra as die skolastiese prestasie wat die swaksiende leerling byvoorbeeld gedurende die tydsduur van een eksamenvraestel kan lewer en waartydens sy prestasie aan bande gelê word deur die tempo waarteen hy lees en skrywe.

'n Stelsel waar punte en prestasie in vakke op grond van die werk wat gedurende die jaar gedoen is, bereken word en die standaard van werk periodiek deur vakinspekteurs gekontroleer word, sal 'n groter gedeelte van die jaar wat andersins aan twee eksamens in skole vir swaksiendes in die R.S.A. opgeoffer word, vry laat vir onderwys.

Aangesien daar hier te lande en oorsee groot waarde aan 'n eindeksamen by afsluiting van die skoolloopbaan geheg word, behoort so 'n eksamen deur die skool vir swaksiendes intern opgestel en afgeneem te word soos die geval in België en

Wes-Duitsland is. Daar kan oor die standaarde gewaak word deur periodieke inspeksies van die werk van die leerlinge soos in die geval van die Homologasiekommissie in België.

So 'n reëling plaas groter verantwoordelikheid op die skool en onderwysers, maar doen weg met die rigiditeit van die formele openbare eksamen wat een van die grootste struikel=blokke in die pad van volwaardige gedifferensieerde onderwys vir die swaksiende is. Onder die huidige bedeling word die skool vir swaksiendes aan bande gelê en kán weinig aanpassing gemaak word met die gestremdheid van die swaksiende in gedagte.

Bevordering van leerlinge behoort 'n interne aangeleent=heid van die skool te wees. Nadat die skool vir swaksiendes die geakkrediteerde status ontvang het en dit alle eksamens intern kan opstel en afneem, in besonder die eindeksamen van die skool, kan die skool die nodige aanbeveling aan die beheren=de departement doen om die toepaslike sertifikate aan kandidate uit te reik ten einde te verseker dat hierdie sertifikate soos vir die gewone skole, nasionale status en erkenning sal geniet.

## 4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting gegee van die inhoud van die onderwys aan swaksiendes soos dit tradisioneel in die praktyk in die R.S.A. en enkele oorsese lande aangetref word.

Aspekte wat in die besonder toegelig is, sluit die kurrikula, studiekursusse, eksamenvakke, nie-eksamenvakke en keusevakke van die primêre en sekondêre onderwys in.

Daar is veral verwys na die gebruike betreffende evalue=ring en die amptelike vereistes wat daar gestel word vir bevordering en die uitreiking van sertifikate op verskillende vlakke van die sekondêre onderwys.

Praktyke in die onderwys van swaksiendes wat verder in oënskou geneem is, sluit onder meer die groepering van swak=siende leerlinge in, wyses van aanbieding in die didaktiese situasie asook die diverse onderwyshulpmiddels wat gebruik

word met die oog daarop om in die onderwysaanbieding die hoogs moontlike doeltreffendheid te verseker.

Ten slotte is 'n kritiese oorsig van die bevindinge uit die hoofstuk gegee.